ERASA

ENDURANCE RIDE ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

# HOOFSTUK 2

# RITTE

# Inhoud

2.1 WOORDBEPALING ..... 4
2.2 INLEIDING ..... 5
2.3 RITREËLS ..... 6
2.4 RITKALENDER ..... 7
2.5 VOORGEE VAN BANE ..... 8
2.6 KANSELLASIE VAN RITTE ..... 10
2.7 KLASSIFIKASIE VAN RITTE, AANTAL EN LENGTE VAN BENE ..... 10
2.8 ROETE EN MERK VAN BAAN ..... 12
2.9 INSKRYWINGS ..... 19
2.10 WEGSPRING EN WEGSPRINGTYE ..... 21
2.11 KONTROLEPUNTE, VEEARTSONDERSOEKE, TYDHOU ..... 23
2.12 GEDRAG OP DIE BAAN ..... 28
2.13 NIE-VOLTOOIING ..... 30
2.14 MAKSIMUM VOLTOOIINGSTYE ..... 31
2.15 SERTIFIKATE EN PRYSUITDELINGS ..... 32
2.16 INDIENING VAN UITSLAE ..... 32

Aanhangsel A: Rit Inskrywingsvorm
B: Vrywaring, vrywillige aanvaarding van risiko, instemming tot toets vir verbode middels en nood veterinêre en mediese behandeling (Dagruiters)

# HOOFSTUK 2: RITTE

**REGISTER VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 2**

| Artikel | Onderwerp | Datum van wysiging |
|---|---|---|
| 2.2.1.3.4 | Gewig van ruiters ingevolge FEI-reëls | 19 Sep 2009 |
| 2.8.6.2.3 | Onttrekking van perde: Fauresmith | 19 Sep 2009 |
| 2.8.6.2.4 | Terugbetaling van gelde: Fauresmith | 19 Sep 2009 |
| 2.9.2.3 | Wegspringtye: Fauresmith | 19 Sep 2009 |
| 2.12.2 | Terugbetaling van gelde | 19 Sep 2009 |
| 2.12.3 | Inskrywing met alternatiewe perd | 19 Sep 2009 |
| 2.1 | Voeg nuwe artikel in: "Woordbepaling" by en hernommer alle artikels | 20 Aug 2010 |
| 2.7.1 | Klassifikasie van ritte | 20 Aug 2010 |
| 2.7.2 | Aantal en afstand van bene | 20 Aug 2010 |
| 2.9.5.1 | Inskrywing ingevolge die trapleerreëls | 20 Aug 2010 |
| 2.2.3.2 | Erkenning vir ritte tot en met 40 km | 17 Apr 2011 |
| 2.4.3.1 | Paragraaf in subparagrawe verdeel | 17 Apr 2011 |
| 2.4.3.2 | Paragraaf in subparagrawe verdeel | 17 Apr 2011 |
| 2.4.4 | Paragraaf in subparagrawe verdeel | 17 Apr 2011 |
| 2.5.1.8 | Voorgee wanneer minder as vyf ruiters deelneem | 17 Apr 2011 |
| 2.5.2 | Voorgee wanneer die aantal bene verander | 17 Apr 2011 |
| 2.7.1 | Gedeelte oor inskrywings verskuif na 2.9.4 | 17 Apr 2011 |
| 2.9.2 | Inskrywingsvorm en vrywaring | 17 Apr 2011 |
| 2.9.4 | Inskrywings | 17 Apr 2011 |
| 2.9.5.8 | Gedeelte van artikel verskuif na nuwe 2.9.5.9 | 17 Apr 2011 |
| 2.9.5.9 | Kilometerkrediet vit trapleerritte | 17 Apr 2011 |
| 2.9.5.9 | Hernommer na 2.5.9.10 | 17 Apr 2011 |
| 2.9.5.10 | Hernommer na 2.9.5.11 | 17 Apr 2011 |
| 2.9.6.1 | Kwalifikasie vir die Fauresmith 200 | 17 Apr 2011 |
| 2.3.1.2.1 | Saamgevoeg met 2.3.1.2 | 6 Nov 2011 |
| 2.3.1.2.2 | Aanbieding van CEI 1* voor CEI 2* - geskrap | 6 Nov 2011 |
| 2.9.5.3 | Spoed en tyd ingevolge trapleerreëls | 6 Nov 2011 |
| 2.14.1.3 | Maksimum voltooiingstyd vir Fauresmith | 6 Nov 2011 |
| 2.10.3 | Wegspringgroepe (nuwe artikel) | 16 Apr 2012 |
| 2.10.3 | Hernommer na 2.10.4 | 16 Apr 2012 |
| 2.10.4 | Hernommer na 2.10.5 | 16 Apr 2012 |
| 2.11.3.4 | Skoene in veeartsarea | 16 Apr 2012 |
| 2.9.2 | Inskrywings/Vrywaring | Julie 2012 |
| 2.4 | Ritkalender | Julie 2012 |
| 2.5.1.1 | Berekening van voorgee | Nov 2012 |
| 2.5.1.8 | Berekening van voorgee | Nov 2012 |
| 2.5.1.9 | Berekening van voorgee | Nov 2012 |
| 2.8.1.2 | Inspeksie van bane deur Ritmeester | Nov 2012 |
| 2.8.3.1.4 | Roetemerkers (pyle) | Nov 2012 |
| 2.8.3.1.5 | Roetemerkers (pyle) | Nov 2012 |
| 2.8.3.1.6 | Roetemerkers (pyle) | Nov 2012 |
| 2.11.3.3 | Aanbieding van perde | Nov 2012 |
| 2.7.1 | Klassifikasie van ritte | 10 Mei 2013 |
| 2.7.3 | Hernommer na 2.7.1.3 | 10 Mei 2013 |
| 2.7.2.1 | Lengte van bene | 10 Mei 2013 |
| 2.7.2.2.2. | Aantal bene (140 – 160 km) | 10 Mei 2013 |
| 2.7.2.2.3 | Geskrap | 10 Mei 2013 |
| 2.8.1.1 | Nuwe inligting bygevoeg en verander na 2.8.1.1 tot 2.8.1.6 | 10 Mei 2013 |
| 2.8.1.2 | Hernommer na 2.8.1.7 | 10 Mei 2013 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.10.4 | Ruiters wat laat aanmeld by wegspring | 10 Mei 2013 |
| 2.10.5.1 | Ruiters wat laat by ’n vertrekpunt aanmeld | 10 Mei 2013 |
| 2.11.3.4 | Nuwe subartikel: Voortdurende voorwaartse beweging in veearts-area | 10 Mei 2013 |
| 2.11.3.4 | Helpers in veearts-area: hernommer na 2.11.3.5 en gewysig | 10 Mei 2013 |
| 2.11.3.5 | Hernommer na 2.11.3.6 | 10 Mei 2013 |
| 2.11.3.6 | Hernommer na 2.11.3.9 | 10 Mei 2013 |
| 2.11.3.7 | Eliminasie – vervang met nuwe artikel (ou artikel geskrap) | 10 Mei 2013 |
| 2.11.3.8 | Nuwe artikel - Stemming deur twee veeartse (gedeelte van ou 2.11.3.7) | 10 Mei 2013 |
| 2.11.3.8 | Ou artikel hernommer na 2.11.3.10 | 10 Mei 2013 |
| 2.12.3.2 | Hulp van buite | 10 Mei 2013 |
| 2.13.5.3 | Stop trapleer (bewoording aangepas vir duidelikheid) | 10 Mei 2013 |
| 2.5.1.1 | Voorgee bereken vir elke rit | 10 Mei 2013 |
| 2.5.1.5 | Voorgee bereken op gemiddeld van die afgelope drie jaar | 10 Mei 2013 |
| 2.5.1.6 | Voorgee bereken op gemiddeld van die afgelope drie jaar | 10 Mei 2013 |
| 2.5.1.9.3 | Uitsondering vir voorgee vir ritte van 160 km | 10 Mei 2013 |
| 2.13.1.5 | Stop trapleer: deur ruiter onderteken, nie herroepbaar nie | 10 Mei 2013 |
| 2.8.3.2.2 | Vervang “presies” met “ongeveer” | 1 Des 2013 |
| 2.9.6.1 | Kwalifikasie vir die Fauresmith 200 | 1 Des 2013 |
| 2.16.5 | Verskuif na Hoofstuk 3 as artikel 3.6.3 | 1 Des 2013 |
| 2.16.6 | Verskuif na Hoofstuk 3 as artikel 3.6.4 | 1 Des 2013 |
| 2.11.2.2 | Verwysing na FEI-reëls vervang met bewoording van die FEI-reël | 1 Des 2013 |
| 2.11.2.4 | Verwysing na FEI-reëls vervang met bewoording van die FEI-reël | 1 Des 2013 |
| 2.9.6.1.1 | Kwalifikasies vir Fauresmith 200 | 30 Junie 2014 |
| 2.16.2 | Rapporte van ritte | 12 Maart 2016 |
| 2.11.1.7.1 | Maksimum polsslae – verpligte houstelsel | 1 Augustus 2017 |
| 2.10.2.3.2.1 | Wegspringtye dag 2 en 3 – Fauresmith | 1 Augustus 2017 |
| 2.9.6.1.3 | Kwalifikasies vir Fauresmith 200 | 4 November 2017 |
| 2.5.2.1 | Voorgee as ritdatum verskuif | 24 Julie 2018 |
| 2.2.3.1.4 | Reël bygevoeg betreffende voltooiing vir Fauresmith 200 | 4 Julie 2019 |
| 2.16.2 | Indiening van rituitslae | 20 Oktober 2019 |
| 2.7 | Ritafstande (beenafstand van eerste been verduidelik) | 6 November 2019 |
| 2.2.3.1.4 | Reëlwysigings betreffende voltooiing vir Fauresmith 200 | 26 September 2020 |
| 2.3.15 | Geelkaartwaarskuwing | 26 September 2020 |
| 2.1.9 | Plesierrit: mag nie op dieselfde dag as ’n ERASA-rit gehou word nie | 24 April 2021 |
| 2.11.3.5 | **TUSSENTYDSE reëlwysiging weens COVID-19 - Slegs 1 groom/helper** word saam met ruiter in veearts-area toegelaat | 24 April 2021 |
| 2.5 | **TUSSENTYDSE reëlwysiging weens COVID-19 – daar behoort geen prysuitdeling te wees nie en dit moet op die ritprogramme gemeld word** | 24 April 2021 |
| 2.12.3.1.1 | Groom en/of besigtigingspunte op die roete | 24 Junie 2024 |
| 2.3.2 | FEI-byeenkomste – alle inskrywings sal op die ERASA-aanlyninskrywingstelsel verwerk word | 2 November 2024 |
| 2.3.3 | Honde by ritte | 2 November 2024 |
| 2.2.3.3 | Alle perde wat vir Fauresmith ingeskryf is en nie by die ritlokaal gestal word nie, moet in ’n register aangeteken word | 2 November 2024 |
| 2.9.6.1.1 | Fauresmith-kwalifiseringstydperk | 9 Junie 2025 |
| 2.9.6.1.1 | Fauresmith-kwalifiseringstydperk | 31 Julie 2025 |
| 2.11.2.4 | Aanbiedingstye vir hekhou stelsel | 8 November 2025 |
| 2.12.3.2.5 | Aanbieding van perde, nuweling- en uithouritperde, by veeartsbaan | 8 November 2025 |
| 2.4.5.4 | Bewoording verander van Uitvoerende Bestuur na Raad | 16 Januarie 2026 |
| 2.4.7 | Bewoording verander van Uitvoerende Bestuur na Raad | 16 Januarie 2026 |

## 2.1 WOORDBEPALING.

Woorde en uitdrukkings wat in hierdie hoofstuk voorkom, het die beteknis wat hieronder daaraan toegeken word, tensy dit uit konteks waarin dit gebruik word duidelik is dat die woord of uitdrukking ’n ander betekenis het. Die betekenis wat toegeken is aan woorde en/of uitdrukkings wat in die woordbepaling van die ERASA-grondwet en/of enige ander hoofstuk van die reëlboek voorkom, is ook op hierdie hoofstuk van toepassing, tensy dit uit die konteks waarin dit gebruik word, duidelik is dat die woord of uitdrukking ’n ander betekenis het. Afhangend van die gebruik van die woord, kan die enkelvoud ook die meervoud beteken, en die manlike vorm ook die vroulike vorm beteken.

2.1.1 **<u>Besoeker</u>.** Enige lid van die publiek wat 'n uithourit, aangebied onder beskerming van die Vereniging, bywoon.

2.1.2 **<u>Deelnemer</u>.** Enige persoon wat as ruiter, helper of beampte aan ’n uithourit deelneem.

2.1.3 **<u>Hek-tydhoustelsel</u>**. ’n Tydhoustelsel waar die ruiter/perdkombinasie se rytyd begin by vertrek op ’n bepaalde been van die rit, en stop wanneer die perd by die veterinêre hek ingaan (mits die perd se polstempo binne die neergelegde maksimum polstempo vir die betrokke kontrolepunt is), en waar daar nadat die perd by die veterinêre hek ingegaan het, ’n houtyd volg waartydens die perd rus en voorberei word vir die volgende been van die rit. Rytyd vir die laaste been van die rit eindig wanneer die perd se neus oor die aankomslyn by die eindpunt van die rit gaan.

2.1.4 **<u>Klubrit</u>**. ’n Uithourit wat op instruksie van en onder die beskerming van ’n klubkomitee georganiseer word en in ooreenstemming met die Vereniging se reëls en regulasies aangebied word.

2.1.5 **<u>Kontrolepunt</u>.** 'n Punt (plek) waar perde deur ’n veearts ondersoek moet word en vir ’n voorafbepaalde tydperk moet rus.

2.1.6 **<u>Kwalifiserende rit</u>.** 'n Uithourit gehou ooreenkomstig die grondwet en bepalinge van die Vereniging wat dien as 'n kwalifiserende rit (waar van toepassing) vir deelname aan ’n nasionale kampioenskap wat deur die Vereniging aangebied word.

2.1.7 **<u>Mededinger</u>.** Enige ruiter wat meeding in ’n uithourit, aangebied onder die beskerming van die Vereniging.

2.1.8 **<u>Nasionale rit</u>.** 'n Uithourit aangebied in opdrag en onder direkte beskerming van die Raad.

2.1.9 **<u>Plesierrit</u>.** 'n Nie-mededingingsrit oor 'n lang afstand van minder as dertig (30) kilometer, gereël en aangebied ooreenkomstig die grondwet en reëls van die Vereniging en mag nie op dieselfde dag as ‘n ERASA rit plaasvind nie.

2.1.10 **<u>Rit</u>.** ’n Rit neem ’n aanvang wanneer die perd die eerste keer vir ondersoek aangebied word by die veeartspaneel en loop ten einde nadat die betrokke perd aan ’n finale veeartsondersoek onderwerp en deur die veeartspaneel geskik bevind is om die terrein te verlaat.

2.1.11 **<u>Ritbasis</u>.** Die plek waar deelnemers en perde bymekaarkom voor die aanvang van ’n uithourit, en waar die ritadministrasie, ritvoorligting en voorondersoeke van perde plaasvind.

2.1.12 **<u>Ritbyeenkoms</u>.** ’n Ritbyeenkoms neem ’n aanvang wanneer ’n perd, en/of die ruiter en/of helpers op die terrein waar die rit gehou word, arriveer, en loop ten einde wanneer die perd en/of ruiter en/of helpers die terrein na afloop van die rit verlaat. Tydens so ’n ritbyeenkoms is die ruiter sowel as sy helpers en besoekers gebonde aan al die reëls van die Uithouritvereniging van Suid Afrika.

2.1.13 **<u>Unierit PROVINSIE-rit?</u>**. 'n Uithourit georganiseer in opdrag en onder die beskerming van die betrokke PROVINSIE-komitee? uniebestuur ooreenkomstig die reëls en regulasies van die Vereniging.

2.1.14 **Verpligte rus-tydhoustelsel**. 'n Tydhoustelsel waar die ruiter/perdkombinasie se rytyd begin by vertrek op 'n bepaalde been van die rit en eindig wanneer die ruiter/perdkombinasie weer by die kontrolepunt aankom (tyd stop wanneer die neus van die perd oor die aankomslyn gaan, of, wanneer van transponders gebruik gemaak word, wanneer die ruiter se transponder deur die stelsel gelees word), en waar daar na aankoms 'n vaste verpligte rustyd is (waartydens die veterinêre ondersoek plaasvind) voor die ruiter/ perdkombinasie mag vertrek op die volgende been van die rit.

## 2.2 INLEIDING

2.2.1 'n Uithourit is 'n kompetisie waar die spoed en uithouvermoë van perde getoets word. Om suksesvol te wees moet 'n ruiter die perd se vermoëns ken en weet wat van die perd oor alle tipes terrein verwag kan word.

2.2.2 Elke rit bestaan uit 'n aantal bene. Na elke been sal alle perde deur die veterinêre paneel ondersoek word.

2.2.3 Alle uithouritte is kompetisies teen tyd. Die perd/ruiterkombinasie wat die bepaalde afstand in die kortste tyd voltooi sal as wenner aangewys word.

2.2.3.1 By die Fauresmith 200:

2.2.3.1.1 Die perd/ruiterkombinasie wat 'n spesifike kategorie van die rit, in die kortste tyd voltooi, is die wenner van die betrokke kategorie.

2.2.3.1.2 Sal die senior ruiter (ongeag die gewigskategorie) wat die rit in die kortste tyd voltooi, as die "algehele senior wenner" beskou word.

2.2.3.1.3 'n Aanvullende stel uitslae sal opgestel word op gronde van 'n reggressieformule waardeur ruiters se tye op grond van ruitergewig aangepas word. Hierdie sal bepaal wie die "wenner op voorgee" is (om nie verwar te word met die "algehele senior wenner" nie).

- Die regressieformule word bereken opgrond van die uitslae van die senior liggewig, senior standaardgewig en senior swaargewigkategorieë van die Fauresmith 200.
- Die uitslae van die afgelope vyf jaar word by die berekening van die formule in aanmerking geneem. In die daaropvolgende jaar word nuwe uitslae bygevoeg en die oudste uitslae uit die berekening weggelaat.
- Die Algemene Bestuurder moet die formule jaarliks, en nie later nie as twee weke voor die aanvang van die Fauresmith 200, aan alle lede van die Vereniging bekend maak. Vir hierdie doel sal 'n kennisgewing aan alle klubs as kennisgewing aan alle lede beskou word.

2.2.3.1.4 'n Rutier mag besluit na suksesvolle voltooing van been 1 of been 2 of Fauresmith te stop, die ruiter en perd sal toekenning kry vir die afstand voltooi. Die veearts kaart moet deur 'n veearts en die ruiter/eienaar van die perd geteken word en dan gegee aan die tydhouer.
Die eerste been, tweede been en derde been begin en eindig op Fauresmith Skougronde. ADDED 3RD LEG?

Die ruiter/perd ontvang erkenning slegs vir voltooiing van die afstand en kan geen toekennings kry of kwalifiseer vir enige spanne.

2.2.3.2 Wanneer daar onder die trapleerreëls aan 'n rit deelgeneem word, word slegs erkenning gegee vir voltooiing van die afstand, en word geen wenner aangewys nie. Dieselfde geld wanneer ruiters vir ritte van tot en met 40km inskryf.

2.2.3.3 Alle perde wat vir Fauresmith ingeskryf is, en nie op die ritlokaal gestal word nie, sal in 'n register aangeteken word met die volgende inligting:

- **Naam en UV nommer van die perd**
- **Naam en kontak besonredhede van eienaar/ruiter**
- **Fisiese adres waar die perd gestal word**

2.2.4 Alle ritte moet oop wees vir deelname deur alle lede van ERASA, en geen geslote ritte mag aangebied word nie.

2.2.5 Alle ritte wat onder die reëls van die ERASA aangebied word staan onder die beheer van 'n Ritmeester en, spesifiek ten opsigte van die welsyn van die perde, die Hoofveearts (kyk Hoofstuk 6). Vir ritte wat onder die reëls van die Federation Equestre Internationale (FEI) aangebied word, geld beheerstelsels soos vervat in die Statute, Algemene Regulasies, Uithouritreëls en Veterinêre Regulasies van die FEI.

## 2.3 RITREËLS

2.3.1 Ritte wat onder die beskerming van ERASA aangebied word, kan:

2.3.1.1 Aangebied word volgens die reëls van die ERASA soos neergelê in die Grondwet en Reëls, en dan òf volgens die verpligte rustydhoustelsel, òf die hektydhoustelsel (wat later in hierdie hoofstuk bespreek word), met die voorwaarde dat alle afstande by 'n byeenkoms onder dieselfde reëls aangebied moet word.

2.3.1.2 Aangebied word volgens die reëls van die FEI, soos in die Statute, Algemene Regulasies, Uithouritreëls en Veterinêre Regulasies van die FEI neergelê. Indien ritte as volwaardige FEI ritte geregistreer en dus op die FEI se jaarkalender geplaas moet word, sal dit van die betrokke klub verwag word om die betrokke jaarlikse ritregistrasiegelde (soos deur die FEI bepaal) te betaal.

2.3.1.3 Wanneer ritte volgens die reëls van FEI aangebied word, moet die ritkomitee toesien dat die volgende ERASA reëls steeds nagekom word:

2.3.1.3.1 Reëls rakende die immunisasie van perde teen Afrika Perdesiekte.

2.3.1.3.2 Reëls met betrekking tot die voorsiening van water en die aantal waterpunte op die baan soos in hierdie hoofstuk uiteengesit.

2.3.1.3.3 Reëls met betrekking tot kleurkodes van veeartskaarte soos in hierdie hoofstuk uiteengesit.

2.3.1.3.4 Minimum gewig vir senior ruiters (anders dan vir die "Geen Gewig" kategorie):

- Sal by alle CEI 1* en 2* ritte 73kg wees, om so aan te pas by die ERASA reëls in die verband; en
- Sal by alle CEI 3* ritte 75kg wees, sodat die ritte as kwalifiserende ritte onder FEI reëls erken sal word.

2.3.1.4 Ritte onder ERASA reëls moet streng volgens die reëls aangebied word. Ritmeesters moet hieroor toesig hou en, indien daar afwykings is, dit aan die Uniepresident van die Unie waar die klub geaffilieer is, rapporteer. Die Unie moet die klub aanspreek en ook die klub bystaan om by 'n volgende rit, streng by die reëls te hou. Sou daar dan weer probleme ondervind word, sal dit na die Raad verwys word vir verdere optrede.

2.3.1.5 Die Ritmeester of hoof veearts mag n geelkaart uitreik vir kwessies wat verband hou met:

- Perdemishandeling

- Versuim om aan reëls te voldoen
- Verkeerde gedrag teenoor beamptes en of ampetnare

En moet die persoon verantwoordlike vir die oortreding geduriende die periode van die rit in kennis stel dat hy 'n geel waarskuwingskaart gaan onvtang, wat of per hand of op enige ander geskikte manier afgelewer sal word.
Indien na redelike pogings, die verantwooordelike persoon nie gedurene die tydperk van die rit in kennis gestel kan word dat hy/sy 'n geel waarskuwingskaart ontvang het nie, moet die verantwoordelike persoon binne veerien (14) dae vanaf die geberutenis skriftelik in kennis gestel word.

Indien dieselfde verantwoordelike persoon een (1) meer geel waarskuwingkaart by die dieselfde aangeleentheid of enighe ander ERASA of FEI geleentheid binne een jaar na aflwering van die eerste geel waarskuwingskaart ontvang , sal die verantwoordelike persoon automaties geskors word vir 'n tydperk van twee (2) maande na amptelike kennisgewing van die ERASA Algemene Bestuurder.

2.3.2 Ritte wat ingevolge FEI reëls gehou word; alle inskrywings sal via die ERASA se aanlyn inskrywingstelsel gedoen word.

2.3.3 **GEEN** honde sal by SAIC (South Afican International Challenge) of by Fauresmith toegelaat word nie. Elke klub het die reg om honde toe te laat of nie by hul rit. Indien honde toegelaat word, moet hulle ten alle tye aan 'n leiband en onderbeheer wees. Indien die klub nie honde by die rit toelaat nie, moet dit duidelik in hul rituitnodiging aangedui word. **GEEN** honde word in die veearts-area toegelaat nie.

## 2.4 RITKALENDER

2.4.1 Klubkomitees moet jaarliks, voor die sperdatum soos deur die betrokke Unie bepaal, op die voorgeskrewe vorm, by die betrokke Unie aansoek doen dat die klub se rit(te) op die amptelike ritkalender geplaas word.

2.4.2 Uniebesture moet teen 31 Augustus van elke jaar die datums van alle ritte (hetsy onder ERASA of FEI reëls) wat gedurende die volgende kalenderjaar deur klubs wat by die Unie geaffilieer is, aangebied gaan word, by die Algemene Bestuurder van die ERASA inhandig.

2.4.3 Die Algemene Bestuurder moet:

2.4.3.1 Teen nie later as 15 September van elke jaar, alle ritdatums konsolideer en 'n voorlopige ritkalender opstel.

2.4.3.2 Hierdie voorlopige ritkalender word na alle Uniebesture versprei sodat korreksies aangebring kan word. Uniebesture moet die gekorrigeerde ritkalender nie later nie as 30 September aan die Algemene Bestuurder terugbesorg.

2.4.3.3 Die Algemene Bestuurder moet dan die voorlopige kalender vervolgens aan die Raad voorlê vir goedkeuring.

2.4.3.4 Sodra die ritkalender deur die Raad goedgekeur is, moet die Algemene Bestuurder:

2.4.3.4.1 Die datums van ritte wat onder FEI reëls aangebied gaan word, deurgee aan die SA Nasionale Perdesportfederasie (vir indiening by die FEI), teen 'n datum soos jaarliks deur die SA Nasionale Perdesportfederasie bepaal.

2.4.3.4.2 Die ritkalender na alle lede van die ERASA versprei (teen nie later as 15 November van elke jaar nie). Vir doeleindes hiervan sal verspreiding na alle klubsekretarisse beskou word as verspreiding na alle lede.

2.4.3.5 Die ritkalender (opgedateer met alle wysigings) moet ook voortdurend op die ERASA webwerf beskikbaar wees.

2.4.4 Dit moet duidelik op die ritkalender aangedui word volgens watter reëls en tydhoustelsel die rit aangebied word. ʼn Goedgekeurde datum en formaat vir ʼn ritbyeenkoms mag slegs verander of gekanselleer word:

2.4.4.1 Indien die klub vooraf by die Uniebestuur waar die klub geaffilieer is toestemming kry; en

2.4.4.2 Slegs indien daar een-en-twintig (21) dae kennis aan alle lede van die Vereniging gegee kan word. Die verandering moet deur die Uniesekretaris aan die Algemene Bestuurder deurgegee word, wat dit dan aan alle klubsekretarisse sal versprei en ook toesien dat die verandering op die ERASA webwerf aangebring word.

2.4.5 Geen addisionele ritte mag sonder vooraf goedkeuring duer die Raad, by die ritkalender bygevoeg word nie.

## 2.5 VOORGEE VAN BANE

2.5.1 Verskeie faktore beïnvloed die prestasie van ruiters en perde tydens uithouritte. Hierdie sluit in omgewingsfaktore soos omgewingstemperatuur, humiditeit, hoogte bo seespieël, terrein (topografie), wind en reën. Omdat hierdie omgewingsfaktore verskil van baan tot baan is dit moeilik om uitslae van ritte wat op verskillende bane gery is met mekaar te vergelyk. In ʼn poging om dit wel te kan doen is ʼn formule ontwikkel waardeur vir elke baan ʼn voorgee bereken word. Dit word soos volg gedoen:

2.5.1.1 Om die voorgee vir ʼn spesifieke rit te bereken, word die uitslae van al die senior gewigskategorieë (lig, standaard en swaar) gebruik. Uitslae van hierdie kategorieë word as een gekombineer (met die ruiter met die vinnigste gemiddelde spoed eerste, en daarna opeenvolgend volgens gemiddelde spoed).

2.5.1.2 As uitsondering, by ritbyeenkomste waar spesifieke distansies slegs vir een ouderdomskategorie aangebied word (bv. as 'n rit oor 120km slegs vir junior/ jong ruiters aangebied word), sal 'n aparte voorgee wat slegs vir daardie kategorie geld, bereken word.

2.5.1.3 Vir byeenkomste waar ritte oor verskeie afstande (80km en langer) aangebied word, moet ʼn aparte voorgee vir elke afstand bereken word.

2.5.1.4 Die voorgee word bereken deur gebruik van die volgende formule:

$$V_1 = 23 - \frac{(S_1 + S_2 + S_3)}{3}$$

Waar $V_1$ = Voorgee vir die betrokke jaar

S1 = gemiddelde spoed van die vinnigste ruiter

$$S2 = \frac{\text{Spoed (1e plek + 2e plek + 3e plek)}}{3}$$

$$S3 = \frac{\text{Spoed (1e plek + 2e plek + 3e plek + 4e plek + 5e plek)}}{5}$$

2.5.1.5 Omgewingsfaktore wissel egter van jaar tot jaar. Om dit sover moontlik in berekening te bring, word die finale voorgee van elke rit bereken deur die uitslae van die afgelope drie jaar se ritte in ag te neem. Hierdie finale voorgee is dan:

$$V_f = \frac{V_1 + V_2 + V_3}{3}$$

| | | | |
|---|---|---|---|
| Waar | $V_f$ | = | Finale voorgee |
| | $V_1$ | = | Voorgee van laaste jaar/rit |
| | $V_2 – V_3$ | = | Voorgee van vorige jare |

2.5.1.6 In elke opvolgende jaar word die jongste jaar se voorgee dan bygevoeg, en val die oudste jaar se voorgee weg uit die berekening. Slegs die uitslae van ritte gedurende die voorafgaande drie opeenvolgende kalenderjare word in berekening gebring; indien ʼn rit nie

gedurende elk van die drie kalenderjare aangebied was nie, sal slegs die beskikbare uitslae (vir een of twee jaar) gebruik word. Vorige jare (meer as drie jaar gelede) op dieselfde baan sal nie in aanmerking geneem word nie.

2.5.1.7 Wanneer daar vir die eerste keer 'n rit op 'n betrokke baan aangebied word, word die voorgee van die baan bereken sodra die uitslae van die rit beskikbaar is (hierdie voorgee word dan in retrospek gebruik). Na die tweede jaar word die gemiddelde voorgee vir jaar een plus twee bereken, na die derde jaar vir jaar een, twee en drie, en so verder totdat statistiek vir vyf jaar of meer se ritte beskikbaar is, wanneer die benadering soos in artikel 2.5.1.4 en 2.5.1.5 hierbo gevolg word.

2.5.1.8 Indien minder as vyf ruiters (gekombineerde seniorkategorie) die rit/afstand voltooi, word die formule in artikel 2.5.1.4 soos volg aangepas:

Indien slegs vier ruiters die rit voltooi:

$$V_1 = 23 - \frac{(S_1 + S_2 + S_3)}{3}$$

Waar $V_1$ = Voorgee vir die betrokke jaar

S1 = gemiddelde spoed van die vinnigste ruiter (kyk 2.5.1.1)

S2 = $\frac{\text{Spoed (1e plek + 2e plek + 3e plek)}}{3}$

S3 = $\frac{\text{Spoed (1e plek + 2e plek + 3e plek + 4e plek + 4e plek)}}{5}$

Indien slegs drie ruiters die rit voltooi:

$$V_1 = 23 - \frac{(S_1 + S_2 + S_3)}{3}$$

Waar $V_1$ = Voorgee vir die betrokke jaar

S1 = gemiddelde spoed van die vinnigste ruiter (kyk 2.5.1.1)

S2 = $\frac{\text{Spoed (1e plek + 2e plek + 3e plek)}}{3}$

S3 = $\frac{\text{Spoed (1e plek + 2e plek + 3e plek + 3e plek + 3e plek)}}{5}$

M a.w. die ruiter in die derde en vierde plekke se spoed word herhaaldelik gebruik om te kompenseer vir die gebrek aan 'n vierde en/of vyfde plek.

2.5.1.9 Indien minder as drie ruiters (gekombineerde seniorkategorie) die rit/ritafstand voltooi, kan die voorgee nie bereken word nie. Dit beteken dat:

2.5.1.9.1 Vir 'n nuwe baan, waar daar nog nie 'n voorgee bereken is nie, daar ook geen voorgee in retrospek bereken kan word nie; en

2.5.1.9.2 Vir ander bane die voorgee onveranderd na die volgende seisoen oorgedra word.

2.5.1.9.3 As uitsondering tot bostaande, sal die voorgee slegs vir ritte van 160km in een dag steeds bereken word indien minder as drie senior ruiters die rit voltooi. Die voorgee sal dan bereken word op grond van beskikbare uitslae (slegs die wenner, of wenner en tweede plek)

2.5.2 Indien die roete van die bepaalde baan met meer as 20% verander, word dit as 'n nuwe baan beskou en moet 'n nuwe voorgee bereken word. Dieselfde geld wanneer die aantal bene van 'n rit verander (bv. van vyf bene verminder na vier, of *vice versa*).

2.5.2.1 Indien die rit datum met meer as 30 dae vorentoe of agtertoe skuif (venster periode van 60 dae) moet 'n nuwe voorgee bereken word

2.5.3 Die voorgee van elke baan word jaarliks in die ritkalender gepubliseer.

## 2.6 KANSELLASIE VAN RITTE

(kyk ook 2.4.4)

2.6.1 Indien die weersomstandighede sodanig versleg dat dit 'n gevaar inhou vir die deelnemers en deelnemende perde, kan die Ritmeester in konsultasie met die Hoofveearts en die Ritkomitee al die wegspringtye uitstel (bv. wanneer daar 'n donderstorm losbars) totdat die omstandighede verbeter het, mits daar nog geen ruiters weggespring het nie. In uiterste gevalle, waar die risiko vir ruiter en perd te groot is om voort te gaan, kan die rit gekanselleer word. Sou so 'n besluit geneem word nadat sommige ruiters reeds weggespring het, moet die Ritmeester toesien dat hierdie ruiters so gou moontlik in kennis gestel word (deur 'n beampte op die baan uit te stuur), sodat hul met die kortste moontlik roete na die ritbasis kan terugkeer.

2.6.2 Indien die Ritmeester (na inspeksie van die roete en fasiliteite) van mening is dat die baan 'n risiko vir die perde en/of deelnemers inhou (bv. weens te min waterpunte of onvoldoende roetemerkers of te min beamptes) kan hy, in konsultasie met die Hoofveearts en die Ritkomitee die wegspringtye uitstel totdat die betrokke probleme tot bevrediging van die Ritmeester reggestel is. Geen ruiters mag wegspring voordat die Ritmeester toestemming daartoe gegee het nie.

2.6.3 Dit moet in gedagte gehou word dat die aard van uithouritte sodanig is dat dit die ruiter se vermoë onder alle omstandighede toets, en die besluit om 'n rit te kanselleer moet slegs onder uiterste omstandighede geneem word.

## 2.7 KLASSIFIKASIE VAN RITTE, AANTAL BENE, LENGTE VAN BENE

2.7.1 Slegs ritte waar die eerste been dertig (30) kilometer en langer is, word as uithouritte beskou en kom as sodanig in aanmerking vir sertifikate, afstandtoekennings, medaljes, ens.

2.7.1.1 Ritte word verder soos volg gekategoriseer:

2.7.1.1.1 <u>Nie-kompetisie ritte</u>

2.7.1.1.1.1 Ritte oor afstande tot en met 40 km, wat oop is vir deelname deur lede en nie-lede van ERASA.

2.7.1.1.1.2 Trapleerritte, waar die ruiter/perdkombinasie nie-kompeterend deelneem (verwys Artikel 2.9.5)

2.7.1.1.2 <u>Nasionale kompetisie ritte (CEN)</u>

2.7.1.1.2.1 <u>CEN 3 Ster</u>. Alle ritte van

- 140 – 160 km op een dag; of
- 90 – 100 km per dag oor twee dae; of
- 70 – 80 km per dag oor drie of meer dae.

2.7.1.1.2.2 <u>CEN 2 Ster</u>. Alle ritte van:

- 120 – 139 km op een dag; of
- 70 – 89 km per dag oor twee dae

2.7.1.1.2.3 <u>CEN 1 Ster</u>. Alle ritte oor afstande tussen 80 km en 119 km op een dag.

2.7.1.1.2.4 <u>Nasionale Kampioenskapritte</u>, waar die formaat en sterstatus deur die Raad bepaal word.

2.7.1.2 ʼn Rit van 80km en ʼn langer, of twee ritte van 80km op agtereenvolgende dae (waar daar vir elke dag apart ingeskryf word), mag by dieselfde geleentheid aangebied word. In so ʼn geval sal al die ritte van 80km en langer gereken word as kwalifiserende ritte vir deelname aan die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskappe, sowel as vir die kortlys vir die Nasionale of Federasiespan wat deelneem aan die spankompetisie wat saamval met die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskappe. Waar 'n rit van langer as 80km oor meer as een dag strek (m.a.w. daar word nie vir elke dag afsonderlik ingeskryf nie) geld dit as slegs een kwalifiserende rit.

2.7.2 Aantal en lengte van bene

2.7.2.1 By alle ritte oor ʻn afstand van tot en met 119km mag die lengte van enige been nie 40 km oorskry nie, en mag geen been korter as 10km wees nie.

2.7.2.1.1 Ten opsigte van ritte korter as 99km:

2.7.2.1.1.1 Alle ritte van tot en met 40km op een dag, moet oor minstens een been, maar mag oor meer as een been beslis word.

2.7.2.1.1.2 Alle ritte van 41 tot en met 70 km op een dag, moet oor minstens twee bene (m.a.w. een kontrolepunt en ʼn eindpunt), maar mag oor meer as twee bene beslis word

2.7.2.1.1.3 Alle ritte van 71 tot en met 99km op een dag, moet oor minstens drie bene (m.a.w. twee kontrolepunte en 'n eindpunt) maar mag oor meer as drie bene beslis word.

2.7.2.1.1.4 Hierdie reëls bly van krag, ook as sulke ritte as deel van/oor dieselfde baan as langer ritte aangebied word. Dieselfde beginsel geld wanneer ʼn perd aan meer as een rit op een dag deelneem; sodra die totale afstand op een dag binne die grense soos uiteengesit in artikel 2.7.2.1.1.2 of 2.7.2.1.1.3 inpas, moet dit in die betrokke aantal bene verdeel word.

2.7.2.1.1.5 Indien 'n klub 'n rit oor 'n langer afstand onder die trapleerreëls aanbied, moet die baan so beplan word dat ruiters wat na 'n afstand van tussen 80 en 90km die trapleer stop (kyk artikel 2.9.5), reeds drie bene voltooi het.

2.7.2.1.2 Alle ritte tussen 100km en 119 km in een dag, moet oor minstens vier bene (m.a.w.drie kontrolepunte en ʼn eindpunt) beslis word.

2.7.2.2 By ritte van 120 km en langer in een dag, mag die lengte van enige been nie 40km oorskry nie, en behoort geen been korter as twintig (20) kilometer te wees nie.

2.7.2.2.1 Alle ritte tussen 120km en 139km in een dag, moet oor minstens vier bene (m.a.w. drie kontrolepunte en ʼn eindpunt) beslis word.

2.7.2.2.2 Alle ritte oor afstande tussen 140km en 160km (of effens langer) op een dag, moet oor minstens ses bene (m.a.w. vyf kontrolepunte en ʼn eindpunt) beslis word. (Hierdie kan verminder word tot vyf bene op versoek van die ritkomitee, onderhewig aan instemming van die hoofveearts wat by die rit diens sal doen en goedkeuring deur die ERASA Raad.

## 2.8 ROETE EN MERK VAN BAAN

2.8.1 Uitlê en verandering van bane

2.8.1.1 Die Ritkomitee moet poog om 'n tegnies uitdagende roete te ontwerp (binne die beperkinge van die betrokke terrein en die heersende weersomstandighede gedurende die spesifieke tyd van die jaar), insluitend veranderende voetoppervlaktes wat die stamina en ruiterskap van die kombinasie sal toets sonder om die welsyn van die perd te benadeel.

2.8.1.2 Die baan behoort natuurlike of mensgemaakte hindernisse soos (maar nie beperk tot) tweespoorpaadjies, slote, steil opdraandes en afdraandes en plekke waar water oorgesteek moet word, in te sluit, om so tegniese uitdagende faktore rakende grondoppervlakte, terrein, hoogte bo seespieël, rigting en spoed in te sluit.

2.8.1.3 Die roete behoort nie meer as 10% harde pad (gemik op voertuiggebruik) in te sluit nie.

2.8.1.4 Die mees uitdagende deel van die roete behoort vroeër liewer as later in die rit te wees.

2.8.1.5 Die afstand van elke been word deur die ritkomitee bepaal en moet in die ERASA ritkalender gepubliseer word.

2.8.1.6 Die eindpunt moet lank en breed genoeg wees sodat verskeie perde teen spoed kan eindig sonder om mekaar te hinder, en daar moet voldoende ruimte na die eindstreep wees waar perde veilig tot stilstand kan kom nadat hulle die rit op 'n jaaggalop of resies voltooi het. Dit moet so na as moontlik aan die veearts-area geleë wees.

2.8.1.7 Alle nuwe bane moet vooraf gemeet en geïnspekteer word deur die betrokke Unieritmeester. Hierdie geld ook waar bestaande bane verander word.

2.8.2 Ruiters moet die voorgeskrewe roete volg en by elke kontrolepunt op die roete aanmeld. Indien 'n ruiter die verkeerde roete volg:

2.8.2.1 Moet hy/sy terugkeer na die punt waar die fout begaan is en dan op die voorgeskrewe roete voortgaan. Tyd wat verlore gaan wanneer 'n ruiter terugkeer na die punt waar die fout begaan is, word nie voor gekompenseer nie.

2.8.2.2 As alternatief, indien dit nie prakties moontlik is vir die ruiter om terug te keer na die punt waar die fout begaan is nie, kan die Ritmeester beslis dat die ruiter die afstand wat te min gery is oor 'n alternatiewe roete oor soortgelyke terrein as deel van die volgende been van die rit moet voltooi. Indien hierdie opsie uitgevoer word, sal die ruiter nie in sy bepaalde kategorie geplaas word nie, en slegs erkenning kry dat hy/sy die rit voltooi het. Die ruiter kan ook nie vir die besvoorbereide perdtoekenning in aanmerking geneem word nie.

2.8.2.3 Indien nie een van hierdie twee opsies nagekom word nie, word die ruiter gediskwalifiseer.

2.8.3 Die basiese uitgangspunt by die uitleg en merk van bane moet altyd wees om dit vir ruiter en perd so veilig moontlik te maak. Dit moet ook 'n ruiter wat 'n bepaalde baan of roete glad nie ken nie, in staat stel om die rit te voltooi sonder dat daardie ruiter in situasies beland waar hy/sy nie weet presies waar gery moet word of wat van hom/haar verwag word nie.

2.8.3.1 Rigtingwysers

2.8.3.1.1 Rigtingwysers moet ongeveer vyf (5) kilometer uitmekaar oral langs die roete aangebring word. Indien die terrein dit noodsaak, moet rigtingwysers nader aanmekaar geplaas word. Die Ritmeester wat by die betrokke rit diens doen kan, na inspeksie van die baan, opdrag gee dat addisionele rigtingwysers aangebring word om so te verseker dat daar nie by ruiters onsekerheid sal ontstaan m.b.t. die roete nie.

2.8.3.1.2 Rigtingwysers moet ook aangebring word op elke punt waar die roete draai, sowel as op alle punte waar ruiters moontlik die roete byster kan raak. Bevestigende pyle behoort ook na elke draai aangebring te word, sodat die ruiter kan seker wees dat hy op die regte pad is.

2.8.3.1.3 Rigtingwysers moet so geplaas word dat dit duidelik sigbaar is en nie deur plantegroei versteek word nie.

2.8.3.1.4 Rigtingwysers moet van ʼn duursame materiaal van minimum A4 grootte gemaak wees. Die agtergrond moet wit wees, en die pyle (minstens 50mm breed) moet die hele grootte van die rigtingwyser vul. Kolle (ten minste 25mm in deursnit) moet op of langs alle pyle aangebring word (sien voorbeelde hieronder) om dit vir ruiters wat kleurblind is moontlik te maak om die bene in die regte volgorde te voltooi - een kol vir die eerste been, twee kolle vir die tweede been, ens.

2.8.3.1.5 Waar omstandighede dit noodsaak, kan pyle op ander agtergronde (bv. klippe, mure, hekpale) geverf word. Hierdie pyle moet steeds aan die minimum grootte voldoen en moet ok met kolle gemerk word om die volgorde van die bene aan te dui. Die Ritkomitee kan ook, in oorleg met die Ritmeester, van ander metodes gebruik maak (soos bv. kalklyne en/of -pyle op die grond), met dien verstande dat die baan steeds so gemerk sal wees dat ruiters nie sal verdwaal nie.

2.8.3.1.6 Die kleur van rigtingwysers op die bene van ʼn klawervormige baan van 99 km of korter (oor drie bene) is soos volg:

- Been 1: Blou met een kol.
- Been 2: Geel met twee kolle.
- Been 3: Rooi met drie kolle.

2.8.3.1.7 Die kleur van rigtingwysers vir bane langer as 99 km en oor meer as drie bene word aan die diskresie van die Ritkomitee oorgelaat.

2.8.1.3.8 Aaneenlopende roetes kan in een kleur gemerk word.

2.8.3.2 Afstandwysers

2.8.3.2.1 Afstandwysers moet van dieselfde materiaal en formaat as die rigtingwysers gemaak word. Die agtergrond moet wit wees, en die syfers (in swart) moet die hele grootte van die afstandwyser vul.

2.8.3.2.2 Afstandwysers moet ongeveer 5 km (beginnende by die vertrekpunt) uitmekaar op die hele roete geplaas word.

2.8.3.3 Waterpunte

2.8.3.3.1 Waterpunte moet oral op die roete ongeveer 5 km uitmekaar geplaas word en/of beskikbaar wees. By elke waterpunt moet daar genoeg drinkbakke en drinkspasie wees sodat daar nie met tye ʼn opeenhoping van perde kan ontstaan nie. Drinkbakke moet skoon en vry van skerp punte wees. Die Ritmeester wat by die rit diens doen moet verseker dat daar voldoende water beskikbaar is, en mag, na inspeksie van die baan, opdrag gee dat addisionele waterpunte geplaas en/of beskikbaar gestel moet word.

2.8.3.3.2 ʼn Aanwysingsbord (ʼn swart W teen ʼn wit agtergrond, van dieselfde materiaal en formaat as die rigtingwysers) moet 50m voor elke waterpunt aangebring word.

2.8.3.3.3 Waterpunte wat nie 'n natuurlike bron met oorvloedige water is nie, sowel as waterpunte wat nie voortdurend met lopende water aangevul word nie, moet gereeld aangevul word, om te voorkom dat hul opdroog. Water moet skoon en drinkbaar wees.

2.8.3.3.4 Sover moontlik moet daar by elke waterpunt (maar minstens elke 15 km) ook skoon drink-water vir die ruiters beskikbaar wees.

2.8.4 Wanneer ritte (gedeeltelik of ten volle) in die nag aangebied word, moet alle merkers wat gebruik word, lig reflekteer. Daar moet ook, addisioneel tot hierdie merkers, van ligte en/of vure (slegs indien dit met veiligheid gebruik en deurlopend beman word) en/of glimstokkies ("lumi sticks") en/of bevoegde en betroubare baanbeamptes gebruik gemaak word.

2.8.5 Indien daar hekke op die roete is, moet dit voor die aanvang van die rit oopgesluit word. Indien dit nie vir die duur van die rit kan oopstaan nie, moet dit deurentyd beman wees. Geen tyd sal egter gekompenseer word vir die oopmaak van hekke wat nie beman is nie, of vir die verwydering van ander hindernisse nie.

2.8.6 Hindernisse en gevaarpunte op die roete (soos bv. plekke waar water oorgesteek moet word, erdvarkgate, steil afdraandes of slote wat op die roete voorkom) vorm deel van die moeilikheidsgraad van die baan. Gevaarpunte moet sover moontlik duidelik gemerk word om ongelukke te voorkom. Dit moet ook op die roetekaart aangedui word.

2.8.7 'n Bemande beheerpunt moet op alle plekke op 'n baan waar daar 'n groot risiko is dat ruiters verkeerd kan ry (ten spyte van rigtingwysers wat op die roete aangebring is) of kortpad kan neem, gestig word. Dit moet gekontroleer word dat alle ruiters by die beheerpunt verbygaan. Dit moet op 'n praktiese wyse gedoen word (bv. deurdat die nommers en tye van alle ruiters wat verby hierdie punt gaan neergeskryf word, of dat gekleurde armbandjies/rekkies wat vooraf by vertrek op die betrokke been aan ruiters oorhandig is, by die beampte ingehandig word, of deur gebruik van 'n videokamera). Alle ruiters moet by die beheerpunt op dieselfde manier hanteer word, sodat geen ruiters benadeel word nie.

2.8.8 'n Kaart van die hele roete (minimum A3-grootte) moet op 'n sentrale punt in die vertrekgebied vertoon word. Indien moontlik behoort 'n 1:50 000-kaart waarop die roete aangedui word ook by die ritbasis vertoon te word. Die roetekaart moet die volgende duidelik aandui:

2.8.8.1 Die afstand (tot die eerste desimaal) van elke been, asook die totale afstand van die baan.

2.8.8.2 Waterpunte, met die afstand tussen hulle tot die naaste kilometer aangedui.

2.8.8.3 Gevaarlike gebiede waarvan ruiters bewus moet wees, soos spoorlyne, slote, klipperige gedeeltes, ens.

2.8.8.4 Die kleur van die afstandsmerkers wat op elke been gebruik word.

2.8.9 Waar van toepassing moet die voorgee van die baan, die maksimum voltooiingstyd en die kwalifiseringstyd (vir spankeuring) vir die baan vir die huidige seisoen ook op 'n sentrale punt vertoon word.

2.8.10 **Ritvoorliging.** 'n Ritvoorligting moet op die dag/aand voor die rit gehou word. Daar word van alle ruiters verwag om hierdie ritvoorligting by te woon. Tydens die voorligting:

2.8.10.1 Moet belangrike aspekte van die roete, soos gevaarlike gebiede, asook die lengte en kleur van merkers van elke been bespreek word.


2.8.10.2 Moet die voorgee van die roete, die maksimum voltooiingstyd en die kwalifiseringstyd (vir spankeuring) vir die baan vir die huidige seisoen genoem word.

2.8.10.3 Moet afsnytye/sluitingstye van kontrolepunte (waar van toepassing) beklemtoon word.


2.8.10.4 Moet alle aspekte wat uniek aan die betrokke rit is, uitgewys word.

2.8.10.5 Moet die ritmeester belangrike reëls beklemtoon (veral reëls wat a.g.v onkunde deur ruiters verbreek word).


2.8.11 ’n Ritprogram wat die hoofverrigtinge lys, moet by die inskrywingstoonbank en by die tydhouerskantoor vertoon word.



VOORBEELD VAN ROETE MERKER – DERDE BEEN



VOORBEELD VAN ROETEMERKER – DERDE BEEN



VOORBEELD VAN ROETEMERKER – DERDE BEEN

## 2.9 INSKRYWINGS

2.9.1 Met betrekking tot alle klub- en unieritte behoort ruiters vooraf aan die ritkomitee kennis te gee dat hulle beoog om aan die spesifieke rit deel te neem, om so beplanning te vergemaklik.

2.9.2 Alle ruiter/perdkombinasies wat aan 'n ritbyeenkoms deelneem moet vir die rit ingeskryf wees en is onderhewig aan die reëls van die ERASA. Ruiter/perdkombinasies wat nie vir die rit ingeskryf is nie, mag nie op die baan van die rit uitgaan/ry nie.

2.9.2.1 Die ruiter/verantwoordelike persoon moet vooraf die voorgeskrewe inskrywingsvorm (kyk aanhangsel A) voltooi en onderteken. Die ruiter/verantwoordelike persoon moet ook die dokument "Vrywaring, vrywillige aanvaarding van risiko en instemming tot toets vir verbode middels en nood-veterinêre en mediese behandeling" (kyk aanhangsel B) voor die rit voltooi en onderteken.

2.9.2.2 Dagruiters (of die betrokke verantwoordelike persoon) moet vooraf die voorgeskrewe inskrywingsvorm (kyk aanhangsel A) voltooi en onderteken en die dokument "Vrywaring, vrywillige aanvaarding van risiko en instemming tot toets vir verbode middels en nood-veterinêre en mediese behandeling" (kyk aanhangsel B) voor die rit voltooi en onderteken.CHANGED SO THAT BOTH ERASA RIDERS AND DAY RIDERS MUST COMPLETE AND SIGN BOTH FORMS?

2.9.3 Die ruiter/perdkombinasie wat vir 'n rit ingeskryf het, mag nie gedurende die rit verander nie. Nadat daar op 'n rit weggespring is, mag 'n ruiter nie sy perd omruil nie, en net so mag die ruiter van 'n bepaalde perd nie met 'n ander ruiter vervang word nie.

2.9.4 Ruiters kan inskryf vir ritte van tot en met veertig (40) km, òf onder die trapleerreëls (kyk artikel 2.9.5), òf vir distansies van 80km en langer (soos deur die ritkomitee geadverteer).

2.9.4.1 Ritte van tot en met veertig (40) km, asook ritte ingevolge die trapleerreëls, word as nie-kompeterende ritte beskou, en ruiters kry slegs erkenning vir die afstand wat voltooi is en word nie geplaas nie

2.9.4.2 Die afstand waarvoor 'n deelnemer inskryf, sal altyd geld. Ruiters mag nie die afstand ná die aanvang van die rit verkort of verleng nie, behalwe ruiters wat ingevolge die trapleerstelsel ingeskryf het (sien artikel 2.9.5).

2.9.5 **<u>Trapleerstelsel</u>**. Die volgende geld vir ruiters wat ingevolge die trapleerstelsel vir 'n rit inskryf:

2.9.5.1 Alle ruiters wat op 'n nuwelingperd vir ritte van 41 km en langer inskryf, MOET ingevolge die trapleerstelsel inskryf. Ruiters wat op uithouritperde vir ritte ingevolge ERASA-reëls inskryf, het die keuse om óf ingevolge die trapleerstelsel óf vir kompeterende ritte in te skryf (verwys na Hoofstuk 4 vir die klassifikasie van perde).

2.9.5.2 'n Ruiter wat ingevolge die trapleerstelsel ingeskryf is, kan die trapleer ná voltooiing van enige been van die rit stop, maar slegs nadat die perd deur die veeartspaneel ondersoek en geskik bevind is om voort te gaan, en voordat hy/sy met die volgende been begin. Sodra die ruiter met die volgende been begin het, moet hy/sy daardie been suksesvol voltooi, en die perd moet deur die veeartspaneel geskik bevind word om voort te gaan, voordat die ruiter die trapleer kan stop. Erkenning word gegee vir die kilometers wat suksesvol voltooi is tot op die punt waar die trapleer gestop word. Geen krediet sal gegee word vir bene wat vroeër voltooi is indien die laaste been waarop die ruiter begin het nie suksesvol voltooi word nie.

2.9.5.3 Ruiter/perd-kombinasies wat ingevolge die trapleerstelsel inskryf, word as 'n afsonderlike kategorie beskou (en nie as deel van die hoofrit nie). Die trapleerkategorie is nie-kompeterend, en trapleerruiters sal nie in die trapleerkategorie of onder ruiters wat aan die hoofrit deelgeneem het, geplaas word nie.

2.9.5.3.1 'n Voltooiingsertifikaat word aan trapleerruiters oorhandig. Die rytyd en spoed moet op hierdie sertifikate aangedui word, maar nie die plek wat deur die ruiter/perd-kombinasie behaal is nie.

2.9.5.3.2 In die perd se paspoort moet aangeteken word dat die ruiter en perd die spesifieke afstand ingevolge die trapleerreëls voltooi het en die rytyd en spoed moet aangeteken word, maar nie die plek wat deur die ruiter/perd-kombinasie behaal is nie.

2.9.5.3.3 Die trapleerkategorie sal afsonderlik op die rituitslae gelys word en die rytyd en spoed sal aangegee word, maar nie die plek wat deur die ruiter/perd-kombinasie behaal is nie.

2.9.5.4 Geen gewig- of ruiterkategorieë is van toepassing nie. Ruiters wat 'n spesifieke afstand ingevolge die trapleerstelsel voltooi, word as 'n enkele groep in die rituitslae gelys, ongeag ouderdom of gewig.

2.9.5.5 Bene moet in die korrekte volgorde voltooi word (d.w.s. been 1 eerste, dan been 2, ens.).

2.9.5.6 Slegs een inskrywingsfooi is betaalbaar, ongeag die afstand wat gery word.

2.9.5.7 Ruiters moet die tydhouer in kennis stel wanneer hulle besluit om die trapleer te stop.

2.9.5.8 Waar 'n ruiter 80km of langer onder die trapleerstelsel by 'n enkele ritbyeenkoms voltooi, geld dit as kwalifiserende rit vir die Fauresmith 200.

2.9.5.9 Alle ritte (ongeag die afstand) wat onder die trapleerstelsel voltooi word geld vir kilometerkrediet met die oog op afstandtoekennings.

2.9.5.10 Trapleerritte word nie vir die nasionale ruiter- en perderanglyste, of vir kortlyste vir die keuring van nasionale en/of federasiespanne, in aanmerking geneem nie.

2.9.5.11 Alle ander reëls bly steeds van toepassing.

2.9.6 Aspekte wat spesifiek van toepassing is op die Fauresmith 200:

2.9.6.1 Om vir deelname aan die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskappe te kwalifiseer:

2.9.6.1.1 Beide die ruiter en die perd, maar nie noodwendig as kombinasie nie, 'n minimum van drie (3) ritte van tagtig (80) km of langer **OF** twee (2) ritte van 'n honderd en twintig (120)km of langer km voltooi gedurende die tydperk wat begin TWAALF (12) maand voor die Fauresmith 200 nasionale kampioenskap en eindig met die laaste rit wat vir hierdie doel deur die Raad goedgekeur is. Per implikasie beteken dit dat elke suksevol voltooide Fauresmith 200 geld as kwalifiserende rit vir die daaropvolgende Fauresmith 200.

2.9.6.1.2 Indien 'n ruiter of perd reeds twee Fauresmith 200 ritte (waarvan minstens een gedurende die laaste vier-en-twintig (24) maande) suksesvol voltooi het, hoef die ruiter of perd slegs een (1) rit van tagtig (80) km of langer te voltooi gedurende die periode wat begin na afloop van die vorige jaar se Fauresmith 200 en eindig met die laaste rit was as kwalifiserende rit vir die betrokke Fauresmith 200 erken word. Indien die laaste van die twee suksesvolle Fauresmith 20 ritte langer as veir-en- twintig (24) maande gelede was, geld artikel 2.9.6.1.1.

2.9.6.1.3 Indien 'n ruiter 5 (Vyf) opeenvolgende Fauresmith 200 ritte suksesvol voltooi het, is die ruiter automaties gekwalifiseer vir Fauresmith 200. ADDED "OPEENVOLGENDE"

2.9.6.2 Inskrywings

2.9.6.2.1 Inskrywings vir die Fauresmith 200 word deur die koördineerder van die rit beheer, wat die prosedure en sperdatum vir inskrywings jaarliks, minstens drie maande voor die rit, sal aankondig. Ruiters wat nie aan hierdie prosedure voldoen nie, sal nie toegelaat word om aan die Fauresmith 200 deel te neem nie.

2.9.6.2.2 Indien 'n ruiter besluit om sy/haar perd te onttrek, ongeag die rede, kan die oorspronklike perd met 'n ander perd vervang word, met dien verstande dat die

tweede perd die vereiste drie (3) kwalifiserende ritte voltooi het. Die Ritkomitee van die Fauresmith 200 moet voor die byeenkoms van so ’n vervanging in kennis gestel word.

2.9.6.2.3 Perde kan onttrek word nadat hulle ingeskryf is. Indien ’n perd nie later nie as veertien (14) dae voor die aanvang van die rit onttrek word, is artikel 2.13.2 van toepassing (maar slegs indien bewys gelewer kan word dat die ruiter en/of perd beseer/siek is). Geen terugbetaling sal gemaak word indien die perd minder as veertien (14) dae voor die rit onttrek word nie.

2.9.6.2.4 Geen gelde sal terugbetaal word indien perde tydens of na die voorrit-ondersoek ge-elimineer word, of wanneer ruiters gediskwalifiseer word nie.

2.9.6.3 Ruiters wat gedurende die Fauresmith-byeenkoms wil stop:
Die volgende geld spesifiek vir ruiters wat tydens die Fauresmith-byeenkoms wil “STOP” en steeds vir kilometererkenning wil kwalifiseer.

2.9.6.3.1 Alle ERASA-reëls vir kwalifikasie vir Fauresmith bly van toepassing.

2.9.6.3.2 Die ruiter skryf vir die hele kompetisie in en geen inskrywingsfooie sal terugbetaal word indien die ruiter op enige stadium stop nie.

2.9.6.3.3 Die ruiter kan versoek om te STOP sodra die veeartspaneel die perd geskik bevind het om voort te gaan en voordat hulle met die volgende been begin.

2.9.6.3.4 Indien die ruiter met die volgende been begin, moet hy/sy die been voltooi en kan hy/sy stop sodra die veeartspaneel die perd geskik bevind het om voort te gaan.

2.9.6.3.5 Erkenning word gegee vir die kilometers wat suksesvol voltooi is; indien ’n been nie suksesvol voltooi word nie, sal geen erkenning vir vorige voltooide bene gegee word nie.

2.9.6.3.6 Ruiter/perd-kombinasies wat nie die volle Fauresmith suksesvol voltooi nie, sal nie in enige posisie geplaas word nie – die kategorie sal as ’n trapleer aangedui word en ’n voltooiingsertifikaat waarop die afstand en rytyd aangedui word, sal uitgereik word. Dit sal nie as ’n suksesvolle voltooiing van Fauresmith beskou word nie.

2.9.6.3.7 Die ruiterlogboek en perdpaspoort sal die voltooide afstand aandui.

2.9.6.3.8 Die kategorie sal afsonderlik op die uitslae vir Fauresmith aangedui word.

2.9.6.3.9 Ruiters moet die tydhouers in kennis stel dat hulle wil **STOP**, en die ruiter moet die veeartskaart volledig onderteken. Wanneer ’n kinderruiter **STOP**, moet die ouers/voogde volledig onderteken. Sodra die ruiter die besluit geneem het om te **STOP**, mag hy/sy nie die rit hervat nie.

2.9.6.3.10 Wanneer ’n ruiter nie die volle afstand van die Fauresmith-byeenkoms voltooi nie, sal dit NIE as ’n kwalifiserende rit vir die volgende Fauresmith beskou word nie.

2.9.6.3.11 Die voltooide afstand sal egter vir kilometererkenning tel.

2.9.6.3.12 Die voltooide afstand en tyd sal NIE erken word vir kwalifiseringskriteria vir spankortlyste of vir ranglyste van beide ruiter en perd nie.

## 2.10 VERTREK/WEGSPRING EN VERTREKTYE/WEGSPRINGTYE

2.10.1 Ruiters moet elke rit berede begin en eindig. Hulle mag egter enige tyd gedurende die rit afklim en hul perde lei. Ruiters hoef nie die tweede of opeenvolgende bene van die rit berede te begin nie, en hoef ook nie aan die einde van enige been (anders dan die laaste been) berede te wees nie. Ruiters wat volgens die trapleerstelsel ingeskryf het, hoef slegs by die laaste been van die rit/afstand waarvoor ingeskryf is berede te eindig (hierdie ruiters kan byvoorbeeld ná die tweede been van ’n rit hul perd inlei en dan besluit om die trapleer te stop.)

2.10.2 Vertrektye/Wegspringtye. Een van die volgende stelsels (volgens die diskresie van die ritkomitee) moet by alle ritte toegepas word:

2.10.2.1 Loting van vertrektye. Die ritkomitee bepaal vooraf hoeveel ruiters per wegspringgroep toegelaat kan word, en stel blank (leë) groeplyste beskikbaar waarop die maksimum aantal ruiters per groep aangedui is. Ruiters moet by inskrywing aandui in watter groep hul wil wegspring. Die vertrektyd van elke groep word deur loting bepaal, en geen veranderinge aan die samestelling van ’n groep word na loting toegelaat nie. Die tydsinterval tussen

groepe word aan die diskresie van die ritkomitee oorgelaat.

2.10.2.2 Massa-wegspring (indien die terrein en getal inskrywings dit toelaat).

2.10.2.3 Spesifieke reëlings van toepassing op die Fauresmith 200:

2.10.2.3.1 Die wegspringtye vir dag een word soos volg bepaal:

2.10.2.3.1.1 Die gemiddelde gekorrigeerde spoed van elke ruiter/perdkombinasie se beste drie kwalifiserende ritte (m.a.w. die drie kwalifiserende ritte wat deur die ruiter/perdkombinasie teen die vinnigste gekorrigeerde spoed voltooi is) word bereken.

2.10.2.3.1.2 Ruiter/perdkombinasies sal volgens dhierdie gemiddelde gekorrigeerde spoed gelys word, ongeag kategorie (kinderruiters, wat aan 'n senior gekoppel word, uitgesluit).

2.10.2.3.1.3 Ruiters word dan in groepe van agt ruiters ingedeel op grond van hierdie lys (m.a.w.ruiters 1 – 8 op die lys vorm groep 1, en ruiters 9 – 16 groep 2, ens). Dit beteken dus dat die agt ruiters met die vinnigste gemiddelde gekorrigeerde spoed eerste sal wegspring.

2.10.1.3.1.4 Ruiters wat in 'n spesifieke groep, saam met spesifieke ander ruiter(s) wil wegspring, kan versoek om aan mekaar gekoppel te word. Hulle sal in die wegspringgroep van die stadigste ruiter van hierdie gekoppelde groep vertrek.

2.10.1.3.1.5 Groepe spring twee minute uitmekaar weg.

2.10.2.3.2 Die wegspringtye vir dag twee en dag drie word soos volg bepaal:

2.10.2.3.2.1 Ruiters wat in elke kategorie binne 30 minute van die voorloper in die betrokke kategorie se tyd klaarmaak, sal afgesit word soos volg (let op dat, vir wegspring op dag drie, die totale tyd vir dag een plus twee gebruik sal word):

2.10.2.3.2.1.1 Die voorlopers in alle kategorieë (met uitsluiting van swaargewigruiters wat saam met ruiters met soortgelyke tye as die swaargewigruiter sal vertrek EN met uitsluiting van kinderruiters, wat aan seniors gekoppel is) sal eerste as een groep vertrek.

2.10.2.3.2.1.2 Daarna sal ruiters vertrek op grond van die tydsverskil tussen die ruiter en die voorloper in die betrokke kategorie. Byvoorbeeld, indien die voorloper dag een in 3:02:05 voltooi het en Ruiter A se tyd 3:05:32 was, sal Ruiter A presies 3 minute en 27 sekondes ná die voorloper vertrek. Hierdie ruiters spring individueel weg en nie in groepe nie.

2.10.2.3.2.1.3 Ruiters in hierdie afdeling kan nie versoek om aan ander ruiters gekoppel te word nie.

2.10.2.3.2.2 Ruiters wat die vorige dag meer as 30 minute stadiger as die voorloper in die betrokke kategorie voltooi het, sal soos volg gegroepeer word:

2.10.2.3.2.2.1 'n Lys sal saamgestel word waarop alle ruiters, ongeag kategorie (weer eens met uitsluiting van kinderruiters, aangesien hulle aan 'n senior gekoppel bly), volgens die tyd/spoed van die vorige dag/dae gelys word.

2.10.2.3.2.2.2 Ruiters word op grond van hierdie lys in groepe van tien verdeel (d.w.s. ruiters 1 – 10 vorm groep 1, en ruiters 11 – 20 groep 2, ens.).

2.10.2.3.2.2.3 Groepe vertrek twee minute uitmekaar.

2.10.2.3.2.2.4 Ruiters in hierdie afdeling wat saam met spesifieke ander ruiters wil ry, kan versoek om aan mekaar gekoppel te word. Hulle sal in die wegspringgroep van die stadigste ruiter van hierdie gekoppelde groep vertrek.

2.10.3 Indien die ruiters wat aan 'n spesifieke rit op grond van ouderdom en gewig in

vertrekgroepe opgedeel word (bv. al die swaargewigruiters saam, al die liggewigruiters saam, al die standaardgewigruiters saam, en al die junior/jong ruiters saam):

2.10.3.3 Mag ruiters onder geen omstandighede na 'n ander groep oorgeplaas word nie (omdat ander ruiters in dieselfde kategorie dan nie langer sal kan bepaal teen wie hul almal kompeteer nie); en

2.10.3.4 Mag kompeterende ruiters ook nie saam met die trapleerruiters of dagruiters vertrek nie (trapleerruiters en dagruiters mag wel saam met 'n kompeterende groep ruiters vertrek indien omstandighede dit vereis en die ritmeester dit goedkeur).

2.10.4 Indien 'n ruiter om een of ander rede laat by 'n klub- of unierit opdaag, word dit aan die diskresie van die ritkomitee oorgelaat of die ruiter toegelaat sal word om deel te neem of nie.

2.10.4.1 Aan die begin van 'n rit mag ruiters wat vir 'n kompetisierit ingeskryf het, nie later as 15 minute na die amptelike vertrektyd wegsopring nie (hul mag egter hul inskrywings verander na die trapleerkategorie).

2.10.4.2 Vertragings met die wegspring van trapleerruiters en dagruiters moet volgens die diskresie van die ritkomitee hanteer word, wat sy besluit behoort te baseer op faktore soos die afstand waarvoor die ruiter wil inskryf en die tipe baan (klawerbaan of nie) in ag neem. Ruiters mag nie toe nie teoegelaat word om met 'n vars perd saam met ander perde op 'n tweede of latere been van die rit te vertrek nie.

2.10.5 Dit is uitsluitlik die ruiter se verantwoordelikheid om te verseker dat hy/sy betyds by die vertrekpunt aanmeld (beide aan die begin van die rit, en weer vir die vertrek op elke been).
Ruiters behoort drie minute voor vertrek reeds by die wegspringpunt aan te meld. Ruiters mag nie vertrek voordat die tydhouer/afsitter toestemming gegee het nie.

2.10.5.1 Die wegspringtyd van enige ruiter wat hom-/haarself nie betyds vir die wegspring aanmeld nie, word aangeteken asof hy/sy betyds weggespring het. Indien 'n ruiter om enige rede self vir sy/haar laat wegspring verantwoordelik is (insluitend wanneer 'n senior vir 'n kinderruiter moet wag, of andersom), sal die verlore tyd nie gekompenseer word nie.

2.10.5.2 Verlore tyd sal wel gekompenseer word indien:

2.10.5.2.1 Die vertraging die fout van die tydhouer/afsitter is; en

2.10.5.2.2 Die vertraging die gevolg van 'n opeenhoping van perde by die veeartsondersoekarea is.

## 2.11 KONTROLEPUNTE, VEEARTSONDERSOEKE , TYDHOU

2.11.1 Verpligte rus-tydhoustelsel (tradisionele ERASA tydhoustelsel)

2.11.1.1 Rytyd vir elke been begin wanneer die tydhouer/afsitter die teken gee dat die ruiter mag vertrek, en word gestop wanneer die perd by die kontrolepunt aankom. Tyd word òf gestop wanneer die perd se neus oor die aankomslyn gaan, òf, wanneer van transponders gebruik gemaak word, wanneer die ruiter se transponder deur die stelsel gelees word. Ruiters (of helpers) moet na aankoms 'n tydkaart by die tydhouers gaan afhaal.

2.11.1.2 Binne twintig (20) minute na aankoms by die kontrolepunt (aan die einde van elke been, en ook aan die einde van die rit) moet die ruiter sy/haar perd by die veeartse aanbied vir ondersoek. Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van elke ruiter om toe te sien dat die perd binne die

vasgestelde twintig (20) minute na aankoms by die kontrolepunt vir ondersoek aangebied word. Perde wat nie binne die bestek van 20 minute na aankoms aangebied word nie, word gediskwalifiseer. Ruiters moet beide die tydkaart en die veeartskaart saambring wanneer perde vir ondersoek aangebied word.

2.11.1.3 'n Ruiter kan die perd aanbied voordat die verpligte rustyd van twintig minute verstreke is. Indien die polsslag nie binne die toegelate perk is nie, sal die ruiter gevra word om die veeartsgebied te verlaat en die perd vir 'n tweede keer aanbied. Die ruiter MOET die perd 'n tweede keer aanbied. Daar is geen minimum tydperk wat moet verstryk voordat die perd vir die tweede keer aangebied word nie; die enigste voorwaarde is dat die perd weer aangebied moet word voordat die toegelate twintig (20) minute ná aankoms by die kontrolepunt verstreke is. Indien die polsslag by die herondersoek steeds te hoog is, sal die perd geëlimineer word. Dit geld nie aan die einde van die rit nie; wanneer die perd aan die einde van die rit aangebied word en die polsslag te hoog bevind word, sal die perd geëlimineer word (selfs indien die twintig (20) minute ná aankoms nog nie verstreke is nie) en sal daar nie 'n tweede kans gegee word nie.

2.11.1.4 Wanneer die perd by die veeartsarea aankom, moet 'n kontrolebeampte kontroleer dat die perd betyds aangebied word. Perd en ruiter beweeg dan deur in 'n wag-area, vanwaar hulle deur die veeartse (of 'n kontrolebeampte) uitgeroep sal word om hul perde aan te bied.

2.11.1.5 Nadat die veearts die perd ondersoek het, en indien hy/sy tevrede is dat die perd aan al die vereistes voldoen en kan voortgaan met die rit, sal die veearts die veeartskaart volledig invul en teken, en ook beide afskrifte van die tydkaarte onderteken.

2.11.1.6 Vyf-en-veertig minute na aankoms by 'n kontrolepunt moet 'n ruiter weer vertrek. Enige tydsverloop langer as 45 minute word as rytyd beskou.

2.11.1.7 Maksimum polsslag per minuut van toepassing op die **verpligte-rus tydhoustelsel**:

2.11.1.7.1 **By ritte van 99km en korter** oor een dag mag die polsslag van die perd nie 64 slae per minuut oorskry nie (hierdie geld by alle kontrole punte tydens die rit.)

2.11.1.7.2 **By ritte van 100km en langer** oor een dag mag die polsslag van die perd nie 64 slae per minuut oorskry nie (hierdie geld by alle kontrolepunte tydens die rit).

2.11.1.7.3 By die Fauresmith 200 mag die polsslag van die perd nie 64 slae per minuut oorskry nie (hierdie geld by alle kontrolepunte op elke dag van die rit).

2.11.2 **Hek-tydhoustelsel**

2.11.2.1 Rytyd vir elke been begin wanneer die tydhouer/afsitter die teken gee dat die ruiter(s) mag vertrek. Wanneer die ruiter by die kontrolepunt aankom, word die aankomstyd deur die tydhouer aangeteken (hetsy deur dit op te skryf, of deur dit elektronies te bepaal). Rytyd word egter nie op die stadium gestop nie.

2.11.2.2 Die ruiter beweeg die veearts-area binne sodra die ruiter van mening is dat die perd gereed is om deur die veeartspaneel ondersoek te word. Die ruiter se "Tyd In" word op die tydkaart/elektronies aangeteken. Op hierdie stadium moet die perd se polsslag onder die toegelate maksimum wees (sien hieronder). Rytyd word nou gestop en die houtyd het begin. Die ritkomitee behoort voor die byeenkoms met die hoofveearts wat by die rit diens sal doen te konsulteer oor die houtyd wat ná elke lus toegepas sal word. Alle ruiters moet van die houtye in kennis gestel word; dit behoort gedoen te word deur die inligting in die ritprogram te publiseer én dit by die tydhouerskantoor te vertoon. In beginsel:

2.11.2.2.1 Sal daar minstens een houperiode wees wat nie korter as 40 minute is nie.

2.11.2.2.2 Moet die houtyd vir alle bene voldoen aan 'n minimum verhouding van 1 minuut vir elke 1 km; bv. Na 'n been van 35 km sal die houtyd minstens 35 minute wees.

2.11.2.2.3 Die maksimum geskeduleerde tyd vir 'n enkele houperiode in 'n eendagbyeenkoms is 60 minute, en by 3-Ster of hoër byeenkomste mot daar minstens enn houtyd van 50 minute wees.

2.11.2.2.4 Die houperiode aan die einde van elke been waar daar ʼn verpligte herondersoek vereis word, moet minstens 40 minute lank wees.

2.11.2.3 Perde moet binne die neergelegde maksimum tyd aangebied word. Indien perde te laat aangebied word, sal diskwalifikasie volg. Ruiters moet beide die tydkaart en die veeartskaart saambring.

2.11.2.4 By alle ritte wat onder die hektydhoustelsel-reëls aangebied word is die maksimum toegelate polsslag van perde 64 slae per minuut, nie langer as twintig (15) minute nadat die ruiter/perd by die hek/kontrolepunt aangekom het nie. By die laaste ondersoek (na afloop van die laaste been van die rit), is die maksimum toegelate pols 64 slae per minuut, nie langer as dertig (20) minute na aankoms by die hek/kontrolepunt nie.

2.11.2.5 Dit staan die ritkomitee vry om van beamptes gebruik te maak om perde se polsslag te tel wanneer die ruiter die perd in die veeartsarea binnelei, om so te verseker dat die pols binne die maksimum toegelate polsslag is. Hierdie is opsioneel en nie verpligtend nie. Indien die beampte bevind dat die pols bo die toegelate maksimum is, moet die perd dadelik na die eerste beskikbare veearts geneem word wat dan die polsslag sal tel.

2.11.2.6 Wanneer die perd vir ondersoek aan ʼn veearts aangebied word, moet die veearts eers die polsslag kontroleer (dit geld steeds indien die polsslag deur ʼn beampte gekontroleer is toe die perd die veearts-area binnegegaan het). Indien die polsslag onder die toegelate maksimum is, sal die veearts met die ondersoek (soos voorgeskryf) voortgaan. Indien die polsslag te hoog is, sal die ruiter gevra word om die veearts-area (by die ingang) te verlaat en die tydhouer sal die ruiter se rytyd weer aktiveer. Die ruiter MOET die perd ʼn tweede keer aanbied. Daar is geen minimum tydperk wat moet verstryk voordat die perd vir die tweede keer aangebied word nie; die enigste voorwaarde is dat die perd weer aangebied moet word voordat die toegelate maksimum tyd verstreke is (sien hierbo). Indien die polsslag by die herondersoek steeds te hoog is, sal die perd geëlimineer word. Dit geld nie aan die einde van die rit nie; wanneer die perd aan die einde van die rit aangebied word en die polsslag te hoog bevind word, sal die perd geëlimineer word (selfs indien die toegelate maksimum tyd nog nie verstreke is nie) en sal daar nie ʼn tweede kans gegee word nie.

2.11.2.7 Nadat die veearts die perd ondersoek het, en indien hy/sy tevrede is dat die perd aan al die vereistes voldoen en kan voortgaan met die rit, sal die veearts die veeartskaart volledig invul en teken, en ook die tydkaart onderteken. Die ruiter moet die veeartskaart en tydkaart by die uitgang van die veeartsarea inhandig. **ONLY WITH COMPLETION OF THE LAST LEG?**

2.11.2.8 Die veearts kan te enige tyd vra dat die perd vir ʼn tweede ondersoek (nie minder as vyftien (15) minute voordat die perd op die volgende been moet vertrek) aangebied moet word. By langer ritte sal daar by sekere kontrolepunte verpligte herondersoeke (ook bekend as "herstel-ondersoeke") gedoen word (hierdie sal vooraf bepaal en aangekondig word).

2.11.3 Die volgende geld by beide stelsels:

2.11.3.1 By alle ritte moet die veeartsondersoekareas met duidelik sigbare linte of toue afgespan word, met 'n aparte ingang en uitgang. Die areas moet groot genoeg wees om ʼn gemaklike deurvloei van perde te verseker. Lane binne die area moet d.m.v. kalkstrepe aangedui word. Dit word aanbeveel dat die ingang na die veeartsarea in die middel sal wees, met uitgange aan een of beide kante.

2.11.3.2 Veeartskaarte:

2.11.3.2.1 Elke ruiter moet by inskrywing ‘n Veeartskaart ontvang.

2.11.3.2.2 Die volgende kleurkodes moet op alle veeartskaarte gebruik word (hetsy deur die hele veeartskaart op die betrokke kleur karton te druk, of deur 'n gekleurde plakker op die veeartskaart aan te bring:

- Inskrywings vir slegs 30 - 40 km oor een been: Blou
- Trapleerinskrywings: Geel
- Inskrywings vir kompeterende ritte van 80 - 90km oor drie bene: Rooi
- Inskrywings vir kompeterende ritte van 120 - 130km: Groen

- Inskrywings vir kompeterende ritte van 160km: Wit

2.11.3.2.3 Die ruiter moet die veeartskaart by alle veeartsondersoeke aan die veearts oorhandig sodat die bevindinge van die veearts daarop aangeteken kan word.

2.11.3.2.4 Sou die ruiter gedurende die rit sy veeartskaart verloor of verloor, of indien die veeartskaart so beskadig word dat dit nie meer bruikbaar is nie, sal hy/sy nie gediskwalifiseer word nie. 'n Nuwe veeartskaart moet dan deur die ritkomitee aan die ruiter beskikbaar gestel word. Indien die oorspronklike kaart nie voor die einde van die rit (saam met die nuwe) ingedien kan word nie, sal die perd nie in aanmerking geneem word vir die besvoorbereide perd toekenning nie.

2.11.3.3 Perde moet met 'n halter (nie 'n toom nie) en sonder saal aangebied word.

- Hingste wat moeilik hanteerbaar is mag met 'n hingshalter of 'n toom aangebied word (onder voorwaarde dat die toom en/of gebit nie die ondersoek sal belemmer nie).
- Alle toerusting (soos polsslagmonitors en "brushingboots", ens) moet verwyder word voordat daar by die veeartsarea ingegaan word. Indien die hoofveearts vooraf toestemming gegee het dat 'n verband tydens die rit gebruik mag word (kyk Artikel 4.7.2) hoef die verband slegs op versoek van 'n lid van die veeartspaneel verwyder te word.
- Waar perde kaalvoet, maar met hoefstewels gery word, kan die ruiter die perd met of sonder die hoefstewels aanbied. Indien die perd met hoefstewels aangebied word, kan veeartse nie versoek dat dit verwyder word nie.
- Perde mag met 'n kombers op aangebied word, maar die kombers moet verwyder word wanneer die veearts dit versoek.

2.11.3.4 Wanneer ruiters/grooms die punt verby is waar rytyd gestop word, moet hulle met die perd teen 'n redelike pas voortbeweeg en voortdurende voorwaartse beweging toon.

2.11.3.4.1 Indien ander perde ook wag vir die ondersoek, sal die ruiter en/of helper die instruksies van die beampte wat by hierdie punt diens doen, streng nakom.

2.11.3.4.2 Enige poging om die beoordeleing van 'n perd se hartklop te vertraag nadat rytyd gestop is, sal aan 'n tydstraf onderhewig wees. Sodanige tydstraf moet by die rytyd gevoeg word, wat die kombinasie se wegspring op die volgende fase vertraag. Die bygevoegde straftyd behoort so na as moontlik die duur van die vertraging in aanbieding te weerspieël.

2.11.3.4.3 Dit is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die persoon wat die perd na die veeartsarea bring om seker te maak dat die perd so gou as moontlik ondersoek word.

2.11.3.4.4 Die ritmeester of senior beampte wat in die veeartsarea diens doen sal 'n lid van die veeartspaneel vra om 'n spesifieke perd se polstempo dadelik te bepaal indien die ritmeester/senior beampte van mening is dat daar moedswillig gesloer word met die aanbied van die perd.

2.11.3.5 Die ruiter en twee helpers word by 'n veeartsondersoek toegelaat. Die ruiter moet teenwoordig wees; indien nie moet daar 'n geldige rede daarvoor wees. Indien die betrokke ruiter 'n lid van 'n amptelike span is mag die spanbestuurder of afrigter of spanveearts ook die ruiter vergesel (addisioneel tot die helpers soos reeds genoem). Alle persone wat die veearts-area binnegaan moet toe skoene dra, en niemand mag kaalvoet of met plakkies of sandale in die veeartsarea ingaan nie.

2.11.3.6 Slegs perde wat ondersoek word/wag om ondersoek te word, mag die veeartsarea binnegaan. Sodra die ondersoek voltooi is, moet die perd uit die veeartsarea verwyder word

(met dien verstande dat, waar perde saam ry, enige een van die perde toegelaat word om te wag totdat die ondersoek van die ander perd ook voltooi is.

2.11.3.7 Indien 'n perd moontlik geëlimineer staan te word:

2.11.3.7.1 Op grond van hartklop, moet daar dadelik deur 'n tweede veearts bevestig word dat die hartklop wel bokant die vlak soos in die reëls neergelê, is.

2.11.3.7.2 Op grond van metaboliese probleem, sagte weefsel beserings of ander redes (uitgesluit onreëlmatige gang), moet 'n paneel van drie veeartse die perd ondersoek wat dan, deur middel van 'n geslote individuele stemming vir slaag of faal stem en hul beslissing aan die Ritmeester of senior beampte soos deur die Ritmeester aangestel, oordra.

2.11.3.7.3 Op grond van onreëlmatige gang van die perd:

- 'n Perd met onreëlmatige gang moet by enige inspeksie/kontrolepunt geëlimineer word. Die onreëlmatige beweging moet:
  - Deurlopend op 'n draf sigbaar wees; en
  - Sigbaar wees wanneer die perd op 'n draf, met 'n los leiband, reguit weg van en reguit terug draf na die veearts, sonder vooraf fleksie of diep palpasie; en
  - Pyn veroorsaak of die onmiddellike vermoë van die perd om die rit met veiligheid voort te sit, bedreig.
- Die ondersoek moet op 'n plat en ferm oppervlak uitgevoer word.
- Indien die laanveearts, nadat die perd uitgedraf het, die perd se vermoë om voort te gaan betwyfel, moet die perd se gang deur 'n paneel van drie veeartse beoordeel word.
  - Die paneel moet, deur middel van 'n geslote individuele stemming, besluit of die perd die ondersoek slaag of faal, en moet die beslissing direk aan die Ritmeester of senior beampte wat deur die Ritmeester aangestel is, oordra.
  - Enigeen van die drie paneellede mag versoek dat die perd weer uitgedraf moet word voordat daar gestem word, om so aan die perd en ruiter die voordeel van die twyfel te gee, en moet hierdie versoek aan die Ritmeester of senior beampte wat deur die Ritmeester aangestel is, oordra, wat dan vir die ruiter of helper sal vra om die perd weer uit te draf.
  - Die finale besluit berus op die meerderheidstem van die drie veeartse, onafhanklik en sonder bespreking, en is finaal.
  - Indien die paneel na drie pogings (een by die oorspronklike laanveearts en twee by die paneel) steeds nie tot 'n besluit kan kom of die perd geskik is om aan te gaan nie, hetsy weens die feit dat die perd nie behoorlik aangebied was vir die ondersoek of op grond van veterinêre kriteria, sal die perde geëlimineer word.

2.11.3.8 Indien drie veeartse nie beskikbaar is nie, kan twee veeartse onafhanklik stem en sal die perd die voordeel van die twyfel gegee word indien daar nie 'n eenparige besluit is nie.

2.11.3.9 Indien die ruiter (of ouer of voog van die ruiter indien dit 'n kinderruiter is) die eerste veearts se opinie aanvaar, hoef daar nie 'n tweede opinie gevra, of deur 'n paneel gestem te word nie. In so 'n geval moet die ruiter op die veeartskaart teken direk langs die rede vir eliminasie (mankheid) soos deur die veearts op die veeartskaart aangeteken, onderteken.

2.11.3.10 Appèl kan nie teen beslissings van die veeartspaneel aangeteken word nie. Veeartse sal nie in argumente met ruiters, eienaars of helpers betrokke raak nie en alle ontevrede ruiters, eienaars of helpers moet hul klagtes by die Ritmeester rig, sodat die veeartse met hul werk kan voortgaan.

## 2.12 GEDRAG OP DIE BAAN

2.12.1 Ruiters moet stadiger ry en/of stilhou Wop versoek van:

2.12.1.1 Die baanveearts (wat duidelik as sulks identifiseerbaar is), om die baanveearts in staat te stel om te verseker dat die perd in staat is om met die rit voort te gaan. Die baanveearts moet hom/haar op die baan posisioneer waar die meeste ruiters in elkgeval op ’n draf sal ry.

2.12.1.2 'n Baanbeampte (wat duidelik as sulks identifiseerbaar is), indien daar probleme op die baan voorkom en dit vir die veiligheid van ruiter en/of perd noodsaaklik is dat hul stadiger moet ry.

2.12.2 Dit word van ruiters verwag om plek te maak vir vinniger ruiters wat wil verbykom. Opsetlike belemmering van ander ruiters kan tot diskwalifikasie lei.

2.12.3 Hulp van buite

2.12.3.1 Die volgende hulp van buite word toegelaat

2.12.3.1.1 Op plekke langs die roete wat deur die Ritkomitee aangedui is as “groom punte of uitkyk punte”. Hier mag helpers die ruiter en perd help (bv. kos en water gee, perde afspoel, toerusting verstel, ens) of die perde besigtig.

2.12.3.1.2 By die ritbasis/kontrolepunte, voor die wegspring en nadat die ruiter/ perdkombinasie ’n been voltooi het mag die ruiter bygestaan word en mag hy/sy gehelp word om sy/haar perd te versorg.

2.12.3.1.3 Wanneer ’n ruiter geval het, of wanneer ’n perd wat gelei word losruk, mag die ruiter gehelp word om sy perd te vang. Die ruiter en perd moet dan terugkeer na die plek waar hulle van mekaar geskei was en die roete van daardie punt af verder volg. Indien beide perd en ruiter (sonder hulp) die roete gevolg het tot waar hulle weer bymekaar uitgekom het, kan die roete van daardie punt af verder gevolg word.

2.12.3.1.4 Wanneer ’n perd ’n hoefyster(s) verloor, mag ’n hoefsmid of persoon deur die ruiter/ eienaar/helper genomineer (met vooraf toestemming van die Ritmeester) op die baan gaan om die yster te vervang.

2.12.3.1.5 Ruiters word toegelaat om selfone op die baan te gebruik **(maar nie terwyl hulle berede is nie),** en mag ook van “Globale Posisioneringstelsels (GPS)” gebruik maak tydens die rit.

2.12.3.1.6 In alle gevalle waar daar twyfel bestaan rakende die toelaatbaarheid van hulp van buite sal die dissiplinêre komitee die finale sê hê en sal die komitee se besluit nie onderhewig wees aan verdere appèl nie.

2.12.3.2 Die volgende hulp van buite is ontoelaatbaar:

2.12.3.2.1 Om op enige deel van die baan, of ’n aangrensende pad, of ’n tweespoorpaadjie deur ’n voertuig, fiets of ’n ruiter te perd wat nie aan die rit deelneem nie (nieteenstaande artikel 2.12.3.1) gevolg, vooruitgegaan of begelei te word, tensy vooraf toestemming hiervoor deur die Ritmeester gegee was in geval van nood, of waar ’n ritbeampte aangestel was deur die Ritmeester om die ruiter/perd te begelei vir veiligheidsredes (veral gedurende die nag).

2.12.3.2.2 Op geen stadium van die rit mag 'n perd of 'n ruiter op enige tipe voertuig gelaai word nie, tensy hulle gediskwalifiseer is of ontrek. Sou 'n ruiter van sy/haar perd afval en die perd hardloop weg, mag 'n helper (of mederuiter) die perd tot by die ruiter terugbring, maar nie die ruiter tot by die perd, of die perd tot by die ruiter, vervoer nie.

2.12.3.2.3 Om hulp op enige deel van die baan te verskaf wat nie spesifiek vir sodanige hulp aangewys is nie.

2.12.3.2.4 Om hulp op enige deel van die baan te aanvaar van iemand wat nie daartoe gemagtig is om dit te verskaf nie.

2.12.3.2.5 Indien 'n derde party 'n perd aanmoedig om te draf in die veeartsarea (anders dan om 'n perd aan die gang te kry), geld die volgende:

**PLEASE CHECK THAT BELOW IS CORRECT:**

**NUWELINGPERDE**

Nuwelingperde mag, wanneer nodig, heen en weer oor die volle lengte van die ondersoeklaan aangemoedig word word.

- Die aanmoediging kan deur die ruiter of deur een van die twee toegelate helpers gedoen word.
- Dit behoort verkieslik langs die rand van die ondersoeklaan plaas te vind om te voorkom dat ander perde gehinder word.

**UITHOURITPERDE**

Vir uithouritperde geld die volgende reëls:

**Toegelate aanmoedigings gebied:**

Die perd mag slegs aan die kant van die veearts-area, waar die veeartse geposisioneer is, aangemoedig word..

**Weiering om te draf – Drie pogingreël:** -

Indien die perd binne ongeveer een derde van die lengte van die veeartsbaan weier om te draf:

**EERSTE WEIERING:**

- Die perd moet na die beginpunt terugkeer en weer begin.

**TWEEDE WEIERING:**

- 'n Stemming word deur die veeartspaneel uitgeroep.
- Die perd moet weer na die begin terugkeer en die proses herhaal.

**DERDE WEIERING:**

- Indien die perd steeds binne die eerste derde van die baan weier om te draf, word die perd geëlimineer.

**DEFINISIE VAN "AANMOEDIG":**

Die volgende voorwaardes geld vir enige aanmoediging:

- **Geen voorwerp** (bv. kombers, sweep, tou, baadjie ens) mag gebruik word om die perd aan te moedig nie.
- Die perd mag nie aangeraak word tuidens die aanmoediging nie, hetsy dit deur die ruiter, aanmoediger of helper is.
- Die persoon wat die perd aanaanmoedig, mag:
  - Hande klap, of teen sy/haar heupe klap.
  - Maksimum drie treë vorentoe agter die perd beweeg.

2.12.3.2.6 Enigiemand wat 'n perd op enige gedeelte van die baan en op enige manier aanmoedig om vorentoe te beweeg.

2.12.3.2.7 Knip van draadheinings, verandering van 'n gedeelte van 'n kamp wat deel van die roete vorm om so 'n pad oop te maak, afkap of-saag van bome om so 'n uitdagende gedeelte van die roete te verander of peuter met enige van die tegniese aspekte van die baan.

2.12.3.2.8 Om enige ingryping deur 'n derde party te aanvaar, hetsy dit versoek is of nie, met die doel om 'n voordeel aan die ruiter en/of die perd, te gee.

## 2.13 NIE-VOLTOOIING

2.13.1 Terminologie. Die volgende terminologie moet op die veeartskaart, sowel as in perdepaspoorte en ruiterlogboeke gebruik word wanneer ruiter en perd nie die rit voltooi nie.

2.13.1.1 Gediskwalifiseer ("Disqualified") (D). Wanneer 'n ruiter se deelname beëindig asgevolg van die oortreding van een van die algemene reëls waarvolgens die rit aangebied word.

2.13.1.2 Ge-elimineer ("Eliminated") (E). Wanneer 'n perd volgens die veeartspaneel nie geskik is om met die rit voort te gaan nie (insluitend aan die einde van 'n rit, waar die beginsel geld dat die perd sou moes kon voortgaan indien daar nog 'n been was).

2.13.1.3 Uitgetree ("Retired") (R). Wanneer 'n ruiter (wat wel weggespring het) besluit om, ten spyte daarvan dat die perd die veterinêre kriteria geslaag het, nie met die rit voort te gaan nie.

2.13.1.4 Onttrek ("Withdrawn") (X) Wanneer die perd deur die ruiter onttrek word voordat op die eerste been weggespring word.

2.13.1.5 Stop Trapleer ("Stopped Step Ladder") (TL). Wanneer 'n ruiter, wat onder die trapleerreëls ingeskryf het, aan die einde van 'n been en nadat die perd deur die veeartspaneel ondersoek en geskik bevind is om voort te gaan, besluit om nie op die volgende been te vertrek nie. Indien die ruiters besluit om met die trapleer te stop, moet dit op die veeartskaart aangeteken word, en die ruiter (of ouer/voog) moet daarby teken. Die besluit kan nie omgekeer word nie.

2.13.2 Indien 'n ruiter onttrek of 'n perd geëlimineer word na inskrywing maar voordat die betrokke ruiter/perdkombinasie op die eerste been van die rit wegspring, moet die inskrywingsgeld minus alle heffings (d.w.s heffings wat aan die ERASA, die betrokke Unie en die veeartspaneel wat by die rit diens doen, oorbetaal moet word) en minus 25% administrasiefooi (wat deur die klub teruggehou word) aan die ruiter terugbetaal word. (Stalgelde en maaltydgelde word nie terug betaal nie.

2.13.3 Indien 'n ruiter onttrek of 'n perd geëlimineer word voordat daar op die eerste been van 'n rit

weggespring word by klub- of unieritte, kan die ruiter ’n ander perd inskryf, mits die tweede perd aan al die kwalifiseringsvereistes soos van toepassing op die spesifieke rit, indien enige, voldoen. Geen addisionele betaling aan die klub of terugbetaling aan die ruiter is dan ter sprake nie.

2.13.4 Indien ’n ruiter onttrek voordat daar op die eerste been van ’n rit weggespring word by klub- of unieritte, kan ’n ander ruiter met die perd wat ingeskryf was aan die rit deelneem. Die Ritmeester en tydhouer moet hiervan in kennis gestel word.

2.13.5 ’n Ruiter kan uittree:

2.13.5.1 Terwyl hy/sy aan die rit deelneem en hom/haarself op die baan bevind. Die perd moet dan na die ritbasis teruggeneem word en binne twintig (20) minute na aankoms by die ritbasis aangebied word vir ondersoek deur die veeartspaneel.

- Indien die perd nie aan al die veterinêre kriteria voldoen nie (m.a.w. nie die ondersoek “slaag” nie), sal dit op die veeartskaart en in die perdepaspoort en ruiterlogboek aangeteken word dat die perd ge-elimineer is.
- Indien die perd wel aan al die veterinêre kriteria voldoen (dus die ondersoek “slaag”), sal dit aangeteken word dat die perd uit getree het.

2.13.5.2 Nadat die perd deur die veeartspaneel ondersoek is en geskik bevind is om met die rit voort te gaan, en voordat daar op die volgende been van die rit vertrek word.

2.13.5.3 Let op dat 'n ruiter wat onder die trapleerreëls ingeskryf het, slegs die trapleer kan stop nadat ’n been suksesvol voltooi is, die perd deur die veeartse geskik bevind is om aan te gaan en voordat daar op die volgende been vertrek word. Indien die ruiter reeds op ’n volgende been vertrek het en dan besluit om om te draai/nie voort te gaan nie, is artikel 2.13.5.1 soos hierbo, van toepassing en word geen erkenning vir die afstand van die vorige bene wat wel voltooi is, gegee nie. Verwys asseblief na artikel 2.9.5..

2.13.6 Indien ’n ruiter/perdkombinasie nie die rit voltooi nie, moet die rede daarvoor duidelik op die veeartskaart en die tydkaart aangedui word. Die rede moet ook in beide die ruiterlogboek en perdepaspoort aangeteken word, en deur die hooftydhouer op die rituitslagvorms aangedui word.

## 2.14 MAKSIMUMVOLTOOIINGSTYE

2.14.1 Maksimum voltooiingstye geld vir alle ritte (insluitend ritte waaraan daar onder trapleerreëls deelgeneem word)

2.14.1.1 Vir ritte van 100 km en langer in een dag wat ingevolge ERASA-reëls aangebied word, moet die maksimum voltooiingstyd voor die rit bepaal word deur die ritkomitee wat die rit aanbied, met as riglyn dat dit op ’n gemiddelde werklike spoed van 10 km per uur gebaseer behoort te wees. Die ritkomitee kan ook afsnytye vir spesifieke kontrolepunte bepaal, wat voor die rit aangekondig moet word. Ruiters moet by hierdie afsnytye hou.

2.14.1.2 Vir ritte van 99 km of korter in een dag sal die maksimum voltooiingstyd voor die rit bepaal word deur die ritkomitee wat die rit aanbied, met as riglyn dat dit op ’n gemiddelde werklike spoed van 8 km per uur gebaseer behoort te wees.

2.14.1.3 Vir die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskap is die maksimum voltooiingstyd (vir al drie dae) sestien (16) uur. Vir ander meerdaagse ritte moet die maksimum voltooiingstye vir elke dag bepaal word deur dieselfde benadering as in artikel 2.14.1.1 en 2.14.1.2 hierbo te gebruik.

2.14.1.4 Maksimum voltooiingstye word jaarliks in die ritkalender gepubliseer.

2.14.2 Die Ritmeester, in samewerking met die hoofveearts, mag, na deeglike oorweging, besluit om die maksimum voltooiingstyd op die dag aan te pas tot ’n maksimum van 120% van die gepubliseerde voltooiingstyd. Die kwalifiserende tyd vir die kortlys vir die Nasionale of Federasiespan wat aan die spankompetisie wat saamval met die Nasionale Kampioenskappe te Fauresmith deelneem, bly egter onveranderd. Net so mag die afsnytyd

by spesifieke kontrolepunte ook aangepas word. Die toestande wat in ag geneem behoort te word sluit in: uiterste temperatuur en humiditeit, digte mis en baie nat toestande. Die besluit mag voor of tydens die rit geneem word, en alle ruiters moet van die verandering in kennis gestel word. Die Ritmeester moet die besluit volledig in sy verslag aan die Raad uiteensit.

## 2.15 SERTIFIKATE EN PRYSUITDELING

2.15.1 Elke ruiter (insluitend daglede) wat ’n uithourit suksesvol voltooi, moet ’n prestasiesertifikaat ontvang. Ander vorme van erkenning, soos rosette en pryse (insluitend kontantpryse), word ook toegelaat.

2.15.2 Die werklike afstand van ritte moet aangedui word op die prestasiesertifikate wat by voltooiing van ’n rit aan ruiters oorhandig word. Op sertifikate vir ritte van 30 km moet “dertig” as ’n woord en nie as ’n syfer geskryf word nie.

2.15.3 Die ritkomitee wat die rit aanbied, besluit oor die formaat en alle reëlings rakende die prysuitdeling.

## 2.16 INDIEN VAN UITSLAE

2.16.1 Rituitslae en alle relevante dokumentasie moet teen Maandag 13h00 ná die rit by die ERASA-sentrale kantoor ingedien word. Die volgende moet ingesluit word:

2.16.1.1 Rituitslae. ’n Elektroniese afskrif van die rituitslae, in die voorgeskrewe formaat, verkieslik per e-pos. Dit moet die volgende insluit:

- Naam van die rit
- Datum van die rit
- Voorgee van die baan
- Maksimum voltooiingstyd
- Kwalifiseringstyd vir insluiting op die kortlys vir die Nasionale of Federasiespan wat aan die spankompetisie sal deelneem wat met die Fauresmith 200 saamval (indien van toepassing)
- Afstand van elke been
- Naam, adres en telefoonnommer van:
  - Ritmeester wat by die rit diens gedoen het
  - Hoofveearts wat by die rit diens gedoen het
  - Hooftydhouer wat by die rit diens gedoen het
  - Klubvoorsitter
  - Klubsekretaris
- Toestand van die baan
- Weerstoestande
- Besvoorbereide perd(e)
- Volledige uitslae vir elke afstand en elke kategorie
- Lys van alle ruiter/perd-kombinasies wat nie die rit voltooi het nie

2.16.1.2 Bewys dat die ritheffings (soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal) aan ERASA betaal is.

2.16.1.3 Verslag deur die ritmeester wat by die rit diens gedoen het (ERASA-vorm E).

2.16.1.4 Verslag deur die hoofveearts wat by die rit diens gedoen het (ERASA-vorm M).

2.16.1.5 Verslag deur die hooftydhouer wat by die rit diens gedoen het (ERASA-vorm N).

2.16.1.6 Indien ’n perd tydens die rit dood is, die voorgeskrewe verslagvorm (ERASA vorm D), met alle relevante dokumentasie.

2.16.2 Indien bogenoemde dokumentasie die sentrale kantoor nie binne sewe (7) dae bereik nie, sal die Algemene Bestuurder ’n waarskuwing aan die klub uitreik. Indien die dokumentasie die kantoor

nie binne sewe (7) daarna bereik nie, sal die betrokke klub beboet word met 'n bedrag soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

2.16.3 Dit is die verantwoordelikheid van die administratiewe beampte in diens van die ERASA-sentrale kantoor om die dokumentasie, soos vereis, binne twee weke ná ontvangs aan lede van die Raad en/of beamptes te versprei.

2.16.4 Dit is die verantwoordelikheid van die Algemene bestuurder van die Raad om:

2.16.4.1 Ritkomitees te kontak oor probleme en/of onsekerhede rakende rituitslae, sodat dit reggestel kan word.

2.16.4.2 Toe te sien dat die uitslae by die ERASA-rituitslae-databasis gevoeg word.

2.16.4.3 Toe te sien dat die uitslae op die ERASA-webwerf beskikbaar gestel word.

2.16.5 Wanneer SA Nasionale Spanne, Federasiespanne of SA Ontwikkelingspanne aan kompetisies buite Suid-Afrika deelneem, is dit die spanbestuurder se verantwoordelikheid om die rituitslae binne vier weke ná die rit aan die Algemene Bestuurder voor te lê. Die Algemene Bestuurder moet toesien dat die uitslae by die ERASA-rituitslaedatabasis gevoeg word. Die uitslae moet die volgende insluit:

- Naam van die rit
- Datum van die rit
- Afstand van die rit en van elke been
- Toekennings vir besvoorbereide perd, indien dit aan 'n lid van ERASA toegeken is
- Volledige uitslae (vir ERASA-lede) vir elke afstand en kategorie (posisie, tyd per been en totale tyd, en indien moontlik ook die perd se polsslag en gliptyd vir elke been). Neem asseblief kennis dat die ERASA-lidnommer van elke ruiter aangedui moet word, asook die perd se UV-nommer indien die ruiters op hul eie perde deelgeneem het.
- Lys van alle ERASA-lede wat nie die rit voltooi het nie

2.16.6 Wanneer ERASA-lede as individue aan kompetisies buite Suid-Afrika deelneem, is dit die individuele lid se verantwoordelikheid om die rituitslae binne vier weke ná die rit aan die Algemene Bestuurder voor te lê (ongeag of die ruiter die rit voltooi het of nie). Die Algemene Bestuurder moet die uitslae verifieer en toesien dat die uitslae by die ERASA-rituitslaedatabasis gevoeg word. Die uitslae moet die volgende insluit:

- Naam van die rit
- Datum van die rit
- Afstand van die rit en van elke been
- Toekennings vir besvoorbereide perd, indien dit aan die ERASA-lid toegeken is.
- Volledige uitslae (posisie, tyd per been en totale tyd; indien moontlik ook die perd se polsslag en gliptyd vir elke been). Neem asseblief kennis dat die ruiter se ERASA-lidnommer aangedui moet word, asook die perd se UV-nommer indien die ruiter op sy/haar eie perd deelgeneem het.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Day number / Dagnommer** | | **Surname / Van** | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Own Bib / Eie beffie** (please tick / merk asb) | **Yes / Ja** | | **Nee / No** | |

## RIDE ENTRY FORM / RIT INSKRYWINGSVORM

## RIDE / RIT: ...................................................... DATE / DATUM: .......................................

| **RIDER / RUITER** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Surname / Van | | | | | Weight (with saddle) Gewig (met saal) |
| Name / Naam | | | | | |
| Club number / Klubnommer | | FEI Nr | | | |
| ID Number / nommer | | | | | |
| Postal address / Posadres | | | | | |
| | | | | | |
| | Postal Code / Poskode | | | | |
| Cell number / Selfoonnr | | | | | |
| E-mail address / e-pos adres | | | | | |
| Please tick / Merk asb | Senior | | Junior/Young Rider Junior/Jong Ruiter | | Child Kind |
| For child riders: Name and day nr of senior Vir kinderruiters: Naam en dagnr van senior | | | | | |

**Emergencies / Noodgevalle**
To obtain approval for emergency medical treatment and/or evacuation the following person is to be contacted:
Om magtiging te verkry vir mediese noodbehandeling en/of afvoer moet die volgende persoon gekontak word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Name/Naam | | Cell nr / Selnr: | |

| **HORSE / PERD** | | | |
|---|---|---|---|
| Name / naam | | | |
| UV number / nommer | | | |
| Passport number / | | | |
| FEI number / nommer | | | |
| Breed / Ras | | Sex / Geslag | |
| Date of birth / Geboortedatum | | Age in years / Ouderdom in jare | |
| Novice horse (tick) / Nuwelingperd (merk) | **Yes / Ja** | **No / Nee** | |
| Dates of last two Equine Flu vaccinations / Datums van laaste twee inentings teen Perdegriep | 1 | 2 | |
| Date of last African Horse Sickness Vaccinations / Datums van laaste inentings teen Afrika Perdesiekte | AHS I | AHS II | |

| **RIDE INFORMATION (tick) / RITINLIGTING (merk)** | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ERASA non-competitive ERASA nie kompeterend | 30km | | 40km | | **Step ladder / Trapleer** | | | | | |
| | | | | | 80km | | 120km | | 160km | |
| ERASA Competitive ERASA Kompeterend | 80km | | 120km | | 160km | | | | | |
| FEI | CEI 1* | | CEI 2* | | CEI 3* | | | | | |

**DAGRUITERS - NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE INVUL EN ONDERTEKENING VAN DIE VRYWARING / VRYWILLIGE AANVAARDING VAN RISIKO / INSTEMMING TOT TOETSING VIR VERBODE MIDDELS EN VETERINÊRE EN MEDIESE BEHANDELING 'N VOORVEREISTE TOT DEELNAME AAN HIERDIE RIT IS**

**UITHOURITVERENIGING VAN SUID AFRIKA**
**VRYWARING, VRYWILLIGE AANVAARDING VAN RISIKO EN INSTEMMING TOT TOETSING VIR VERBODE MIDDELS EN NOOD VETERINÊRE/MEDIESE BEHANDELING**
**(hierna na verwys as die "Vrywaring")**

Ek die ondergetekende,

______________________________________________________________

**(Volle name en Van)** **(Noem Naam)**

______________________________________________________________

**(Identiteitsnommer)** **(ERASA klubnommer)**

Bevestig dat ek bekend is met die inherente risiko's (in die wydste sin) verbonde aan die uithouritsport en dat ek dit verstaan. Ek bevestig verder dat ek vetroud is met die inhoud van hierdie dokument en dit verstaan en dat ek my daartoe verbind.

1. Ek bevestig dat ek die Grondwet en Reëls van ERASA, soos gewysig, gelees het, verstaan en aanvaar, en dat die nakoming van hierdie reëls 'n fundamentele voorwaarde is vir deelname aan hierdie Rit. Ek onderneem daarom om die Grondwet en Reëls van ERASA, die spesifieke regulasies soos van toepassing op hierdie rit en soos deur die Organiseerder bekend gemaak in die amptelike program en/of die ritinligting en/of ander aanvullende dokumente deur die Organiseerder beskikbaar gestel, sowel as alle aspekte uitgewys by die ritvoorligting na te kom.

2. Ek erken, verstaan dat nog ERASA, of enige lid van die bestuur daarvan, die betrokke Unie of klub of enige lid, beampte, werknemer, borg, veearts en/of aangewysde, of enige eienaar van grond (hierna in geheel en gesamentlik na verwys as die "Gevrywaarde Partye") aanspreeklik of verantwoordelik, op welke wyse ook al, sal wees vir enige besering, dood, of ander verlies of skade aan myself, my eiendom, my familie, my erfopvolgers en regsverkrygendes wat mag ontstaan vanweë my deelname, betrokkenheid en/of teenwoordigheid by die uithourit.

3. Ek aanvaar hiermee alle risiko's verbonde aan voormelde uithourit ten opsigte van enige leed, besering, skade of dood wat my mag toeval terwyl ek aan die uithourit deelneem, betrokke of teenwoordig is, insluitende alle risiko's (in die wydste sin) wat verband hou daarmee, hetsy voorsienbaar of onvoorsienbaar.

4. Ek vrywaar hiermee stel skadeloos die Gevrywaarde Partye van enige eis of regsgeding deur my, my familie, my boedel, my erfgename of regsverkrygendes, wat sou voortspruit uit my inskrywing, teenwoordigheid, betrokkenheid en/of deelname aan voormelde uithourit.

5. Ek aanvaar dat die terme en voorwaardes hiervan kontraktueel is en dat, met my ondertekening hiervan, ek, my familie, my boedel, my erfgename en/of regsverkrygendes, geen eis van welke aard ook al teen die Gevrywaarde partye sal kan instel nie welke feit ek uit eie vrye wil aanvaar.

6. Ek stem ook onherroeplik daartoe in dat die perd waarvan die besonderhede op my inskrywingsvorm vir hierdie rit verskyn onderwerp kan word aan toetsing vir die teenwoordigheid van die verbode middels wat gelys word in die "Equine Prohibited Substances List" van die Federation Equestre Internationale (FEI), soos gewysig, en soos beskikbaar op die webtuiste van die FEI, vir doeleindes van beheer oor gebruik en misbruik van medikasie in perde en ter beskerming van perde.

6.1 Ek erken, verstaan en aanvaar dat hierdie toetsing gedoen sal word d.m.v. bloedmonsters en die neem van urine of enige ander monster soos nodig geag deur die president van die veeartskommissie en/of die hoofveearts wat by hierdie ritbyeenkoms diens doen, en dat enige monster wat so deur die aangewese veeartse geneem word by hierdie ritbyeenkoms na die Laboratorium van die "The National Horseracing Authority of Southern Africa (NHA), as 'n ten volle onafhanklike en objektiewe instansie, versend sal word
6.2 Ek aanvaar verder dat die Laboratorium van die NHA die monsters sal hanteer in ooreenstemming met sy interne protokolle en standaard werksprosedures
6.3 Ek aanvaar dat, sou 'n monster geneem van die perd wat op my inskrywingsvorm omskryf word positief toets vir enige verbode middel wat op die Lys van Verbode Middles verskyn, ek onderhewig sal wees aan dissiplinêre optrede deur ERASA en dat ek aanspreeklik sal wees vir alle kostes verbonde aan die ontleding van die "B" monster(s) (indien die "B" monster op my versoek, behoorlik volgens die ERASA reëls ingedien, ontleed word), en enige verdere toetse wat deur myself nodig geag en/of aangevra word om die aangeleentheid te kan afhandel.
6.4 Ek erken dat enige en alle monsters geneem tydens hierdie ritbyeenkoms vir doeleindes van beheer oor gebruik en misbruik van medikasie in perde, sowel as enige toerusting, apparaat, produk, middel, ens wat as bewysstuk(ke) by hierdie ritbyeenkoms gekonfiskeer is, as die eiendom van ERASA geag sal word.

7. Ek aanvaar verder die aanspreeklikheid vir alle kostes wat mag ontstaan gedurende hierdie byeenkoms as gevolg van veearts –en/of hoefsmid hulp aan my perd en/of kostes verbonde aan mediese hulp aan myself, of my minderjarige kind en dit self te betaal.
7.1 Ek aanvaar dat die behandelende veearts die reg het om enige behandeling wat in sy/haar opinie as lewensreddend vir my perd noodsaaklik is, toe te pas en dat ek nie sodanige behandeling mag weier nie en dat ek die kostes daarvan sal betaal.
7.2 Ek is bewus daarvan dat perde onder behandeling by die veearts se behandelingsarea nie vir 24 uur per dag gemonitor word nie. Sou ek wou hê dat my perd, terwyl onder behandeling, vir 24 uur per dag gemonitor moet word, sal ek reëlings in die verband met die behandelende veearts tref.
7.3 Ek erken dat daar altyd 'n mate van risiko verbonde is aan veterinêre mediese en sjirurgiese prosedures en behandeling, en dat ek hiermee die veeartse, ondersteuningspersoneel en die fasiliteit vrystel van enige aksie of aanspreeklikheid wat direk of indirek voortspruit uit veterinêre behandeling/narkose/sjirurgie. Ek het toepaslike versekering gereël vir enige skade of verlies van watter aard ook al wat hieruit mag voortspruit, alternatiewelik aanvaar ek dat ek self-risiko vir enige skade of verlies.
7.4 Ek bevestig ook verder dat indien ek geen kontaknommer vir mediese noodvervoer op my inskrywingsvorm of andersins aan die Organiseerders verskaf het nie, ek hiermee toestemming en volmag gee aan die mediese personeel en/of die beamptes van die rit om namens my op te tree en aanvaar ek volle verantwoordelikheid vir al sodanige kostes aangegaan;

8. Ek bevestig, dat in die geval waar ek die ruiter is maar nie die eienaar van die perd nie, ek oor die nodige magtiging beskik om die eienaar van die perd te verbind aan die terme en voorwaardes soos hierin vervat.

**WESHALWE**
Ek hiermee die Gevrywaarde Partye soos hierbo na verwys vrywaar van kwyt skeld van enige aanspreeklikheid of verantwoordelikheid van welke aard ook al vir persoonlike besering, dood, skade aan goedere, nalatige dood op welke wyse ook al veroorsaak, ingeslote, maar nie beperk tot die nalatigheid van die Gevrywaarde Partye, hetsy passief of nie, voortspruitend uit my deelname (of die deelname van die voormelde minderjarige kind) aan die uithourit.

(*skrap onderstaande  indien nie van toepassing nie en parafeer)*
Ek bevestig dat ek hierdie Vrywaring as voog van die minderjarige kind teken.

**(Volle name en Van)** **(Noem Naam)**

**(Identiteitsnommer)** **(ERASA klubnommer)**

Ek bevestig dat:

1. Ek vetroud is met die inherente risiko's verbonde aan die uithouritsport (in die wydste sin) en dat ek dit aan my beskermling  verduidelik het.
2. Vetroud is met die inhoud van hirdie Vrywaring end dat ek namens hom/haar voormelde risiko's aanvaar.
3. By ondertekening hiervan bevestig dat ek inderdaad die voog van voormeldebeskermling is en as sodanig gegmagtig is om hierdie Vrywaring  te ondertekn.

**ALDUS GEDOEN EN GETEKEN OP HIERDIE** **Dag van** **20.....**

**Handtekening van Ruiter** **Handtekening van voog (indien van toepassing**